

## HENNIE STASSEN

**Datum:** 12 Oktober 2010  
**Plek:** Pretoria  
**Vraagsteller (V):** Lizea-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis | Stellenbosch Universiteit  
**Antwoordsteller (A):** Hennie Stassen | Logistieke projekbestuurder; Struktuuringenieur | SANAE; Marion; Gough | 80's tot 2000's

- V** Hierdie is 'n mondelingse geskiedenisonderhoud met Hennie Stassen. Ons is in sy kantore in Pretoria en dis 12 Oktober 2010. Hoe het dit gebeur dat u betrokke geraak het by SANAP en by Antarktika spesifiek?
- A** Ek het van die weermag af teruggekom in ongeveer '82 en toe 'n beurs gehad by die staat en ek het toe ses maande by Waterwese en toe by Openbare Werke geëindig by hulle struktuuringenieurskantoor. Ek het ingenieurswese gestudeer en toe moes ek nog een jaar afwerk. Ek het toe daar ingeval en hulle, Openbare Werke doen perse, doen staatsgeboue, staatsakkommodasie en ek het toe eers uitgevind hulle doen ook Antarktika, Marion- en Gough-eilandstrukture vir die huisvesting van mense, toerusting, *whatever* en toe het dit my nogal redelik geïnteresseer. So ek het die eerste jaar gesien wat hulle daar doen en ek is toe einde '83/'84 my eerste vaart na Antarktika toe saam met die Openbare Werke-werkspan daai jaar om te gaan sien hoe lyk dit daar en ek het toe vyf jaar in 'n ry begin gaan en toe nooit opgehou nie.
- V** Die eerste keer wat u af is, was dit net gewone instandhoudingswerk gewees?
- A** Korrek, ja. Hulle het al toe op daai stadium gekyk om 'n nuwe noodbasis te bou, oor die ys en ek moes toe gaan kyk hoe dit daar lyk, wat is die omstandighede en ek het vir ses weke lank onder ys uitgekap aan die ou basis, SANAE III, so dit het my nogal redelik 'n vuurdoop – of 'n ysdooop gegee.
- V** 'n Ysdooop gegee, Okay.
- A** En toe...
- V** Ys uitgekap?
- A** Uitgekap, ja. Dit was...
- V** Om te?
- A** Kyk, daai konstruksie was staaldoppe.
- V** Ja dit was daai *Armco*...
- A** Die *Armco*-doppe en binne was daar raamwerke met die isoleerder op die gebou, maar daar het nog redelik hitte ontsnap en dit het die doppe warm gemaak. Die ys om die doppe wat toe nou begin smelt het, het ingelek en dit het ingelek onder die basis en opgebou. Maar toe begin dit die vloer opdruk. Toe moes ons onder ingaan met *jackhammers* en dit alles uitkap.
- V** So wat was u posisie dan gewees in daai eerste vaart af – as 'n waarnemer, as 'n werker?
- A** 'n Werknemer, ek was 'n ingenieur op daai stadium maar ek was sê nou maar "jong" ingenieur of 'n "junior" ingenieur gewees. Ons almal het vir die DOW op daai stadium gewerk.
- V** Fisiese werk doen?
- A** Ja.
- V** En het daardie belewenis 'n impak gehad toe u nou in die hoof van 'n projek was of 'meer

bepalende rol gespeel het?

- A** Ja ek dink dit het jou, jy het saam met die ouens gewerk wat regtig die fisiese arbeid werk en jy kon met daai omstandighede die assosiasie kyk wat dit beteken om enigiets daar te kan doen. Harde ure, lang ure, die son sak nie so daar's nie, jy weet, donker nie. So jy werk nou maar aan, nie tot die son sak nie en ja, ook om fisiese tegniese vaardighede aan te leer terwyl die ouens daar werk en daarmee saam te kyk wat is die eienskappe van die sneeu en die huise, kyk waar hulle moontlik die basis, die nuwe noodbasis sou wou bou. Ja, en toe het ek teruggekom van daai vaart af en toe het hulle my aangestel om die nuwe nood basis te ontwerp en te gaan bou die einde van die volgende jaar.
- V** Dit was aan die einde van '85?
- A** '84.
- V** Einde van '84 en die nuwe noodbasis te gaan bou?
- A** Korrek.
- V** En hierdie noodbasis, is dit toe al gebou met die idee van 'n langtermyn plan van SANAE III wat vervang gaan word?
- A** Nee, op daai stadium was dit net vir 'n noodbasis. As SANAE III iets sou oorkom, dan was daar dan 'n heenkome waar die ouens sou ten minste net kan oorleef tot die skepe weer daar kan kom in die somer.
- V** Want SANAE III moes toe nog werkend bly vir, wat, agt jaar, nege jaar?
- A** Dis korrek, ja. Ja dit was SANAE 36 se jaar.
- V** Wat die laaste jaar was in die ou basis?
- A** Ja, want dit was twee duisend en... Sjoe, nou kan ek nie mooi onthou nie.
- V** SANAE 36...
- A** Ja so as die span wat afgekom het, het toe nie oor gebly het nie.
- V** '93?
- A** Drie en... ja dit kan wees, '93, ja.
- V** Dink dis '93 se span gewees wat nie... Daar 'n span was maar toe is hulle terug...
- A** Ja jy sal net daai datums moet gaan *check*.
- V** ...vir die somer.
- A** Ek kan nie mooi onthou nie, maar dit was daai tyd toe, ja toe ek die basis uiteindelik nou maar verklaar dat hy onveilig was, onveilig verklaar is.
- V** Wie het destyds met die eerste vaart af die span gelei? Nie die ekspedisie span nie, die DOW span?
- A** Elke jaar tydens die konstruksie of tydens die normale oornames?
- V** Nee tydens die oorname is '82/'83 nou spesifiek, ja.
- A** Ja dis 'n DOW-span wat gewoonlik met 'n klomp ambagsmanne was en van dit was, een van die ou hande was 'n leier en hy het toe maar alles gereël.
- V** So DOW het in daai tyd nie 'n spesiale afdeling gehad vir Antarktika nie?
- A** Hulle het, Antarktika eiland afdeling, ja.
- V** Onder DOW nou?
- A** Onder DOW. Daar was 'n, jy weet, een van die sub-direktorate van die streekskantoor in Kaapstad hoofsaaklik. In daai jare het jy die hoofkantoor gehad hier in Pretoria, wat nog steeds hier is, maar daai dae het die streekskantore in Kaapstad al die Antarktika en eilande goed hanteer. Die hoofkantore het slegs betrokke geraak waar ek nou was, wanneer daar nou nuwe

- konstruksies was.
- V** Ek sien.
- A** So hulle het net...
- V** Hulle het die jaar na jaar roetine goed gedoen?
- A** Ja. Terugvoerder van ouens af wat daar op die eiland was om te sê "ons kort 'n skroefie en 'n boudjies en hierdie ding lek" en dan maak 'n ou dit bymekaar, span bymekaar die materiale, koop dit aan, gaan af en in daai tydperk, maak die goed reg en kom terug.
- V** So as ek dit nou reg verstaan, die DOW of wat ook al die afkorting dan nou deur die jare was, hulle het streekskantoor in Kaapstad het die roetine goed hanteer, die hoofkantoor hier het die nuwe tipe goed wat ingebou moes word of...
- A** Nuwe konstruksies.
- V** ...vervaardig moes word of so voort en dit was 'n sub-direktoraat gewees?
- A** Van die streekskantoor in Kaapstad, ja.
- V** Van die streekskantoor in Kaapstad. Wie was hoof van hierdie sub-direktoraat gewees?
- A** Jis, nou vra jy my vas, hoor.
- V** Ek sal gaan opsoek.
- A** Jy moet gaan opsoek ja, ek...
- V** Van wie het die DOW hulle opdragte ontvang? Was dit van Vervoer nog gewees?
- A** Departement Vervoer daai jare.
- V** Departement Vervoer. En hulle het 'n sub-direktoraat gehad, Antarktika en eilande?
- A** Ja, kyk die Departement Vervoer soos Omgewingsake nou, was die bedryfsdepartement. Jy weet, hulle het dit beman en die kos en die klere en die logistiek, terwyl DOW hoofsaaklik net vir die konstruksie en die onderhoud betrokke was.
- V** Het daar iets verander in hierdie verhouding toe dit oorgedra is in Omgewingsake wat die werk beïnvloed het?
- A** Nee nie regtig nie, want daai tyd het Mnr. Dirk van Schalkwyk, hy was die hoof... of hy was redelik hoof en Gustav Nel. Gustav Nel het 'n baie belangrike funksie gehad in die Departement Vervoer want daai jaar het dit namens Departement Vervoer hanteer het en sy tweede in bevel was Dirk van Schalkwyk. En toe dit na Omgewingsake toe oor gegaan het Dirk dit begin oorneem en hy was toe die direkteur van Antarktika en Eiland in Omgewingsake.
- V** So, toe was die eerste ervaring wat jy gekry het maar die nuwe E-basis gewees?
- A** Ja.
- V** Het dit maar so van daar af gegaan wat jy gevra was om die konstruerende ingenieur te wees, wat was jou posisie gewees by die bou van SANAE IV?
- A** Dit was SANAE IV. Kyk ek het toe nou elke jaar afgegaan, vyf jaar in 'n ry. Na die E-basis gebou was en toe gegaan vir 'n paar ander goed. Jy weet daar was opgraderings van SANAE III wat ek mee betrokke was...
- V** O, ek wou nou... Van karavane genoem, is dit nou die *Caboose*?
- A** Die *Caboose* ja, die grotes.
- V** Is hulle dan ontwerp in Suid-Afrika?
- A** Ja.
- V** En gebou hier?
- A** Hierso ingebou ja, dis die groot karavane. Jy sal hulle sien as jy gaan... hulle staan nog.
- V** Dieselfdes wat hulle in die 1980's afgevat het?

- A** O nee, nee, *sorry* daai was later gebou. Die groot karavane. Die kleintjies, dit was al wat ook al 'n paar jaar gekom het. Ja nee, ek was nie by die ontwerp van hulle betrokke nie. Maar hulle het nog daai ou voertuie gehad met die twee stokke. "Vaaljapie" was die een, daai swartetjie wat 'n Deutz-enjin gehad het. Maar hy, maar die goed het nou nie...
- V** 'n Doodseinde gehad het?
- A** Ja nee [lag] 'n Deutz-enjin, *sorry*.
- V** O, Deutz-enjin. Soos wat het met Vaal Japie gebeur? [lag]
- A** Ja. D-E-U-T-Z. Deutz-enjin gehad het wat hulle, ek dink hulle het dit dalk gekry van die Duitsers af of by iemand dit gekry en 'n paar, by Departement Vervoer aanmekeer geslaan. Maar dit was redelik, jy weet hulle het D4 Caterpillars gehad daai tyd. Jy weet so dit was beperkte kapasiteit om groot vrag te hanteer daai vroeër jare so jou pakkies, jy weet wat jy in die see is, was baie kleiner. So jy kon nie groot swaar vragte wat jy vandag kon trek...
- V** Wanneer is dit opgegradeer?
- A** Toe ek begin betrokke raak by SANAE IV het ons dit begin doen. Dit was hier in die vroeër '90 jare het hulle toe begin oorslaan na die D6 Caterpillars toe en die Challengers.
- V** In die vroeë 80's, het julle 'n redelike begroting gehad, moes julle fyn werk? Hoe het die begroting gelyk?
- A** Dit was maar altyd beperk, jy weet. Dis maar staatsfondse. So jy moes maar begroot en goed moes in begroting gesit word so jy moes nou maar 'n jaar of twee wag voordat dit nou, die geld nou op die begroting kom en jy kan gebruik jy weet.
- V** Was dit op 'n driejaar- of 'n vyfjaarsiklus gewees omtrent?
- A** Ek dink omtrent 'n vyfjaarsiklus.
- V** Vyfjaarsiklus.
- A** Ja, ja. Maar ek weet hulle doen dit nog, maar elke jaar en dan "check" hulle net hoe ver of daar nog goed bygekome het of... Jy weet of daai ding nog realisties is, jy weet. Met Antarktika, jy kan nie nou sê jy gaan nie nou iets vervang as daar iets gebreek het nie wat nie op die begroting is nie. So jy moet nou maar geld kry en nou maar noodfondse en so en hulle het maar die goed rondgeskuif.
- V** En daardie begroting, het dit gekom van Departement Vervoer af, of van die Tesourier af?
- A** Daai tyd het die fonds alles van DOW af gekom wat basies bou aanbetref en onderhoud, daai jare.
- V** So dit het van dieselfde, van Openbare Werke self gekom? Hulle moes 'n deel opsy sit, begroot vir Antarktika en Eilande?
- A** Apart ja, jy weet vir daai werk en as daar 'n nuwe basis kom dan doen die kliente departement wat nou Omgewingsake toe was, aansoek. Maar dit het toe verander. Na SANAE IV, toe SANAE IV begin het in vroeë 1991, toe ons die eerste ondersoek het, toe mos Omgewingsake aansoek doen vir die fondse en dit oordra na Openbare Werke om die basis te bou. Toe het die stelsel verander, toe mos die kliente departement wat die basis wil hê of die gebou wil hê, moes toe aansoek doen vir die fondse by Tesourier, die fondse kry, DOW toe stuur en dan spandeer DOW dit volgens 'n begroting wat hulle vir die kliente departement gee.
- V** Was dit 'n meer of 'n minder effektiewe sisteem?
- A** Ek dink dit was meer effektief om toe, want jy weet in die verlede kon jy sê maar, jy weet, jy het dit nou nodig. Jy hoef nie self vir die geld hoef te soek nie. Nou moet jy self gaan motiveer by Tesourie hoekom jy die geld wil hê so ek dink dit het dalk die skeidslyn in terme van 'meer

- hoofsaaklike' projekte doen en 'minder hoofsaaklike' goed dalk 'n bietjie geskuiwe.
- V** Ja, voor jy betrokke geraak het, wat het jy geweet van Antarktika?
- A** Absoluut niks nie.
- V** Absoluut niks nie?
- A** Ja daar was, ag so nou en dan, jy weet daai tyd, jy weet, televisies was mos nou nie daar nie, jy weet, jy het net Haas Das se Nuuskas gesien [lag].
- V** Maar Haasdas se Nuuskas het nou nie vreeslik gerapporteer oor Suid... oor Antarktika nie.
- A** Nee dit was regtig die eerste kennismaking met Antarktika en watse ander wêreld dit was daai tyd.
- V** Wie het julle gekonsulteer vir die E-basis? Maar net op eie....
- A** Nee ek het dit in my, ek was toe mos nou by die hoofkantoor, ek het mos 'n jaar afgegaan, gaan *check* hoe lyk dit daar en toe ontwerp ek dit self.
- V** Heeltemal alleen sonder om... Geen kennis van buite af gekry of opgelees of...
- A** Opgelees, baie ja. Kyk Openbare Werke het 'n klomp, 'n redelike biblioteek gehad van ou boeke van Amerikaanse boeke. Amerikaanse weermag het 'n *Cold Engineers Core* wat baie navorsing doen op ys en sneeu en vir een of, op daai stadium het DOW ook verteenwoordiger gestuur na hierdie vergadering, nasionale vergaderings saam met Vervoer of Omgewingsake. Ag en toe het hulle kontakte, jy weet dan ruil hulle maar informasie uit met die ander lande.
- V** En met die bou van die E-basis, was daar enige papierwerk om te doen in terme van die verdrag? Antarktiese verdrag in terme van bouprotokol wat hulle dalk mag hê of nie mag hê nie?
- A** Hulle moes net rapporteer dat hulle 'n basis gaan bou en die plannetjies deurstuur so dit was opgestel en goedgekeur op een van die internasionale vergaderings, maar daar was toe nog nie 'n vereiste op 'n EIA of Omgewingsbewaringsaspekte nie.
- V** Wanneer is daar begin planne optrek vir die nuwe basis? Wanneer het dit begin 'n realiteit word?
- A** 1991 het ons begin met die ondersoek, ons het afgegaan saam met 'n Antarktika vaart, met die Duitse skip daai tyd nog. Ek en 'n geotegniese ingenieur om te gaan kyk vir moontlike terrein.
- V** So in daai tyd het julle en die Duitse skip gereeld aangedoen by Kaapstad hawe?
- A** Ja hy doen dit nog steeds, maar hy het nou ander programme ook maar daai tyd het afgegaan en dan het hy nou van ons ouens af gevat.
- V** Was dit die Polarstan gewees?
- A** Polarstan, ja. Maar ons het toe eers in Januarie afgegaan, ons kon nou nie twee maande daar... Want toe het ek intussen mos... In '88 het ek bedank by Openbare Werke en toe het ek nou privaatkantoor oopgemaak hierso in Pretoria, in Centurion en net daarna toe kom die noodbasis, ag die SANAE IV basis op vir ontwerp en toe stel hulle ons firma aan omdat ek daar was.
- V** Moes julle tender gee of het hulle maar net aangestel?
- A** Nee daai tyd het aanstelling met spesialis kennis. Jy weet wat hulle... daai tyd was dit nog nie so streng nie, in terme van wie hulle aanstel nie. Jy weet hulle het gekyk op, hulle het ook 'n rooster gehad en jou firma was geregistreer daar en dan as hulle spesifieke projekte dan kyk hulle waar lê jou kennis.
- V** Ja want hulle kan vermoed *call to weather engineering* is nie groot in Suid-Afrika seker nie.

- A** Nee so toe was ek so half bietjie in 'n *niche* daar want ek het toe nou daai tyd toe nou vyf jaar was ek elke jaar af. Ek het die noodbasis gebou en ja toe is ek in die...
- V** So wanneer is jy genader, in 1990, '91?
- A** '90.
- V** In 1990?
- A** Ja en toe het ek nou, jy weet toe is daar nou voorleggings van wat kan gedoen word en ja toe stel hulle my aan en toe begin ek.
- V** Was dit reeds goed gekeur deur die kabinet dat daar 'n nuwe basis gebou word of moes dit nog gebeur?
- A** Dit moes nog gebeur want ons moes mos eers nou 'n begroting opstel. Ons het professionele spanne opgestel. Ek en die elektriese ingenieur was Clive Davis wat in-huis was, by Openbare Werke hoofkantoor, die meganiese ouens was in-huis en die argitektuur was ook in-huis gewees. So eintlik alles was in-huis behalwe ek wat die struktuur en die hele konsep ontwerp gedoen het daai tyd.
- V** Die struktuur en konsep ontwerp so wat... Is u nou aangestel as ingenieur, bou-ingenieur wat... Ek probeer net om... Wat is u offisiële titel gewees as ek nou moet sê...
- A** O dit was 'n mengsel, ek was die Projek Ingenieur.
- V** Projek Ingenieur.
- A** En dit het ingesluit my pligte was om die struktuur ontwerp te doen, die hele professionele span te koördineer, al die dienste en die goed dat die ding, jy weet alle ontwerpe gekoördineer word en ek het toe ook afgegaan en die konstruksie bestuur, die programmering gedoen en seker gemaak dat ek, jy weet dat die goed betyds gedoen word en gejaag word.
- V** Watter insette moes jy lewer aan die plan wat voorgelê is aan die kabinet?
- A** Begroting en dan die konsep uitlegte. Maar jy weet daar het ons nou gegaan en ons het met verskeie vergader: Omgewingsake, Openbare Werke om... en die Wetenskaplike om te bepaal wat is regtig hulle behoeftes. Die groottes van laboratoriums, hoeveel mense moet hulle akkommodeer, jy weet die hele akkommodasie behoefte.
- V** Was dit 'n komitee met 'n spesifieke naam of was dit net so half *ad hoc*?
- A** Dit was *ad hoc*.
- V** SANAE IV komitee?
- A** Dis korrek, ja. Jy weet en daai jare het hulle altyd 'n vergadering gehad op 'n maandelikse basis vir tesame Hoofkantoor, die streekskantoor en Omgewingsake. Om goed van Marion-eiland en goed te koördineer jy weet, wat is die behoeftes.
- V** Was dit 'n sogenaamde interdepartementele komitee?
- A** Ja, jy kan dit so vernoem, ja. Maar hulle het toe op 'n stadium weggeval, toe SANAE IV begin het, maar toe was dit spesifiek net vergaderings rondom SANE IV.
- V** Die vergaderings rondom SANAE IV, dit het nou die, as ek nou maar so kan sê, die bouspan betrokke gehad, die mense wat betrokke was by die bou. Het dit iemand van Buitelandse Sake opgehad?
- A** Ja Buitelandse Sake...
- V** Kan jy onthou wie van Buitelandse Sake was daar?
- A** Hulle het nie baie daar uitgekome nie, dit was maar baie... Rogers.
- V** Rogers. So dis nou nie asof hulle gereeld die vergaderings bygewoon het nie?
- A** Nee, nee maar met hulle het meer op 'n politieke vlak gewerk so, jy weet, hulle het nou saam

met verteenwoordigers van Omgewingsake op die internasionale komitees gesit wanneer hulle nou die verdrag van vergadering aangegaan en dan het hulle nou terugvoer en sê "ja ons het nou voldoen aan die protokol van omgewingsbewing" en...

**V** So dit was... En dan iemand van omgewingsake, hoeveel persone omtrent? Dit was maar...

**A** O dit was 'n groot tafel met die hele kaboedel. Daar was seker omtrent ses van Omgewingsake, ses van Openbare Werke...

**V** En dan die wetenskaplikes, is hulle volgens dissipline daar gewees of...

**A** Pat Condry, die ou wat, hy was by die WNNR. Hy was reg aan die begin was hy die koördineerder van die wetenskaplike programme en daai tyd moes hulle mos, het hulle al hulle befondsing van Omgewingsake gekry. So, Potch en Hermanus en... het al hulle behoeftes by hom en hy het dit gekoördineer en later na Pat Condry, wie was daar betrokke? Hy is toe op 'n stadium weg daar, toe het hulle, ek dink almal begin werk na Richard Skinner toe by Omgewingsake.

**V** Deur Richard Skinner gewerk?

**A** Vir befondsing en natuurlik Dirk vir befondsing. So hulle het direk hulle voorleggings gedoen vir befondsing en vir programmeer en logistieke ondersteuning.

**V** Maar met die bou van die nuwe basis, was hulle dan verteenwoordigend van die wetenskaplikes op daai komitee vergaderings? So die wetenskaplikes het gesê wat hulle wil sê en hulle moes dit oordra in die vergadering?

**A** Korrek, ja.

**V** So het die vergaderings kleiner geraak dan?

**A** Man, daar was altyd net sê maar een of twee wetenskaplikes, dan was dit gewoonlik die senior ouens een of twee en hulle bring, dan het hulle nou klaar die huiswerk gedoen en met almal gesels. Maar ons is toegelaat om met almal te gesels jy weet, André Benadie van Potch en Prof. Stoker en jy weet so ons het vraelyste uitgestuur en dit toe gekoördineer en deur hulle hoof wetenskaplikes en hulle het dit toe vir ons laat kry en ons het dit toe nou maar verder verwerk van daai kant af, van daar af.

**V** In 1992 is die Madrid-protokol gesluit, het julle toe reeds "Environmental Impact Assessment" gereed gehad of het dit daarna gekom?

**A** Toe is dit besig. Ons het, ons was toe die eerste land wat so volle omgewingsimpak studie gedoen het.

**V** So julle het reeds beplan voor die vergadering in 1992 om dit te doen?

**A** Ja die protokol was alreeds in plek, dink ek. Ek kan nou nie onthou wanneer hy in plek gekom het nie, maar...

**V** Seker dan nou maar 'n jaar of wat voor dit want die goed vat mos altyd 'n tydjie voordat dit geteken is, as ek dit nou so kan stel.

**A** Ja, en toe in antisipasie het Dirk vir ons, kom ons, laat ons nou dit behoorlik doen, die eerste lot om dit so behoorlik te doen.

**V** Daardie *Environmental Impact Assessment* – het jy nog 'n kopie daarvan iewers?

**A** Nee.

**V** Nie?

**A** Wie kan jy daar vra? Dirk sal nie meer weet nie want hy is nie meer daar nie.

**V** Richard Skinner dalk?

**A** Richard Skinner behoort een te hê, of dit sal by Henry Valentine wees. By hulle lêer, dit sal

- hoofkantoorlêers wees, so dit moet hier wees.
- V** Ja dit sal waarskynlik nog hier wees. Watter faktore, wat behels 'n *Environmental Impact Assessment* op Antarktika?
- A** Wel hulle gaan kyk, jy beplan iets so jy gee hulle al die planne. Dit gaan oor die hele konsep, jy weet, die tipe materiale wat ek gaan gebruik, die omvang van die geboue, die generators wat jy gaan gebruik, die afval water - hoe hanteer jy dit, jy weet. As jy dit op sneeu gaan bou, na hope sneeu watse impak het dit op die fisiese omgewing in terme van afvalle en materiaal, hoe hanteer jy jou afvalstowwe en afval materiale, wat gaan jy daarmee doen? Brand jy goed? Jy mag nie plastieke gebruik nie, jy mag nie polistireenverpakkings gebruik nie. Jy weet, hoe gaan jy die goed vervoer? Watse tipe van voertuie, watse impak het dit? En daar waar jy op die fisiese terrein gaan wees, jy weet, hoe... watse impak het jy op daai terrein en as daar dinge enige vorm van fauna en flora is, gaan jy die goed opfoeter?
- V** So dit het baie spesifiek gegaan oor die *environmental impact* op Antarktika self?
- A** Ja.
- V** Nie noodwendig wat in Suid-Afrika gebeur in die proses nie?
- A** Daai tyd nie. Hulle het dit net spesifiek hanteer.
- V** En die skip se rit soontoe. Die verskeie skeepsritte soontoe en terug, is dit ook ingesluit gewees?
- A** Dit is, nee, nie spesifiek ek kan nie mooi onthou of hulle dit so ver gevat het nie, ek... As ek reg kan onthou was dit net die impak op lokaal.
- V** Lokale impak.
- A** Ja.
- V** Het julle vooraf onderhandel met die vloot dat hulle dalk af en toe sou uithelp met vloot skepe?
- A** Ja, kyk dit was 'n staande reëling op daai tyd met die... Die lugmag het die helikopter voorsien en verdryf met alle oornames en ook tydens konstruksie en hulle het, ook die vloot was daar om bystand en iemand sê maar gaan haal of... Maar toe het hulle daai groot, die Outeniekwaskip net in die hande gekry en ons het toe begin sukkel om materiale... Jy weet ons kon nie volumes kry op die Eukarist nie, wat ons gehad het nie. Toe het ons eers 'n *zero* sig een jaar gehad en hulle het hier 'n maand laat gekom en toe nie weer nie.
- V** Hoekom het hulle 'n maand laat gekom?
- A** *I don't know*. Hulle was vas in 'n hawe vasgesit, hulle kon nie betaal nie. Dit was daai tyd van net toe die...
- V** Net toe die muur geval het?
- A** Netso ja, in daai omgewing.
- V** Maar het hulle die goed opgelaai in Suid-Afrika en toe van Suid-Afrika af gekom?
- A** Nee hulle was, ja kyk hulle was op pad, toe is hulle in 'n hawe.
- V** O en toe is julle reeds op Antarktika en...
- A** Ja, maar ons het gewag vir hulle om saam te ry en toe kom hulle en toe gaan ons solank af, jy weet, toe kom hulle by Kaapstad verby die naweek en kom af en ons kom toe bymekaar daar in Antarktika. Ja toe is die hamer en die sekel, toe lê dit op die dek, toe is die hamer en sekel weg toe is dit net daai tyd. [lag] Jy weet en dis hierdie snaakse mense wat sop eet vier uur in die middag, jy weet. Dit was nogal 'n oplewing, maar die snaakste van alles, die twee skepe - ek onthou dit nog so goed - die skepe, ons wou langs mekaar intrek, jy weet met daai



omkapmaste sodat ons kan vas wees en hulle die vragte oor gaan laai. Want die Federoff, dit was die *academic* Federoff, sy kraan was te naby so die helikopters kon nie tussen-in vlieg nie, so ons moes dit oorlaai en aflaai op die ys. Dan moet ons nou hierdie goed vlieg, maar soos die skepe nader kom dan sien jy daar gaan 'n paar *boots*, dan kom daar 'n *shotgun* oor die kant toe. Dit was net *amazing*: hierdie ouens ken nog nie die taal nie, maar hulle begin al onderhandel. Hier gaan 'n glas vodka en daar gaan dit en so gaan dit aan.

- V** Julle moes seker 'n lekker tyd gehad het met die Russe, of het julle baie werk gedoen terwyl die Russe daar was?
- A** Ja, dis snaakse mense. Hulle spring daar met hulle dun hempies en leer skoene daar op die ys, staan hulle daar rond, jy weet. Dit was... ja.
- V** Was daar 'n tolk gewees?
- A** Ja party van hulle kon Engels, die Kaptein en die goed kon 'n bietjie Engels praat, maar daar was 'n tolk wat saamgekom het, ja.
- V** Haai, so die Russe het Suid-Afrika 'n klein bietjie help bou aan daai basis?
- A** Ja hulle het nogal, ja.
- V** Wanneer het die Agulhas vasgesit? Hy het mos op 'n kol vasgesit en hulle moes hom terug sleep? Of was dit bietjie later in die konstruksie proses?
- A** Dit was bietjie later in die proses, ek kan nie onthou die jaar nie. Jy sal sien in een van hierdie bundels wat ek het, was daar 'n foto van die Agulhas wat sy *rudder* gebreek het, praat jy van daai een? Wat hulle hom by die Drakensberge af gaan, teruggesleep het? Jy sal dalk daai artikel wil sien. Ja die pakys het begin inkom en die Kaptein Bill Leith, op daai stadium het bietjie begin beweeg en toe buig hy die *rudder*. Toe vat hy die deur, een van die staaaldeure en slaan hom af, sweis hom aan 'n paal vas en sit hom so as 'n *jury rudder*. Ja en toe kom die Outeniekwa en toe *tow* hulle ons.
- V** Die Outeniekwa of die Drakensberg?
- A** Nee skies. Dit was die Drakensberg.
- V** Was die Drakensberg toe al ooit vantevore so ver suid?
- A** Nee. Maar hy het gekom tot en met... Ons het toe so aan *gepiekel* en *gepiekel*... Die Polarstern het ons eers 'n bietjie gehelp om die ys te breek en plat te maak.
- V** Ek sien, wat jy so vooruit die ys breek en dan vaar jy agterna.
- A** Dit was laterig in die seisoen so die ys was darem 'n bietjie weg jy weet, so ek kon nie onthou of ons baie bymekaar gekom het nie. Jy kon nou, jy kon redelik met daai *jury rudder* wat hy nou, die kaptein nou gemaak het kon jy nou bietjie tred hou terwyl die water sak, jy weet daar bietjie...
- V** Rustig was.
- A** Die see sou inkom toe dobber jy nou die hele wêreld vol, jy weet.
- V** Hoe was dit gewees om daar rond te dobber in die *fearless fifties* en die *roaring forties*?
- A** Jy is bietjie skrikkerig. Ons het toe nie sulke ernstige see gehad nie, dit was toe heel okay, ja. Maar daar was rowwe tye toe op die Drakensberg, jy weet soos jy sê, dan sal jy sien. Dan sien jy die skip en dan sien jy die see en jy is hier en dan is jy daar. Toe breek die kabel een keer en moes hy eers weer tou oorgooi en nuwe kabel maak en so het ons maar aange"pickle".
- V** Hoe lank het die reis toe gevat van Antarktika tot Suid-Afrika?
- A** Jis, dit was lank, hoor. Ek kan nie... Dit was seker maklik twee weke.
- V** Sjoë, Met die bou van die SANAE IV-basis, was daar toe internasionaal bietjie gekonsulteer in

- terme van gaan kyk hoe lyk ander basisse?
- A** Ons het net eintlik die ouens gaan, die ouens wie logistiek hanteer binne elke aparte program. Ons was by die Franse, Italianers – hulle het baie moeite gedoen – so ons het net na Europa toe gegaan en by die ouens daar gaan sit en hulle het vir ons foto's gewys, hoe hulle gebou het en al hulle sisteme.
- V** Met hulle gaan gesels.
- A** Ja en ons, waar ons - die Franse, die Italianers, die Duitsers...
- V** Is Neumayer toe 'n somerstasie of was hy 'n deurjaar stasie?
- A** Nee hy was maar 'n deur-jaar stasie ja, dit was maar 'n tweede op daai stadium. Toe SANAE III gebou was, het die Duitse ouens kom kyk hoe bou ons dit en toe bou hulle SANAE, ag Neumayer I of II op dieselfde basis. Een.
- V** Okay. Ja dit was seker Neumayer I, dit was die Wes-Duitsers.
- A** Ek dink hulle het twee ook onder die gebou wat hulle afgebreek het en nommer drie is die een wat hulle nou *op-jack*.
- V** Met daai hidroliese pompe waarvan ek gehoor het. Was SANAE die eerste basis wat gebou is op Nunatak of nie?
- A** Nee die Swede en die Noorweërs het op klippe gebou, as jy nou kyk na die Noorweegse basis. Hy was maar altyd daar en net bietjie groter gemaak. Maar dit was ook rotsankers in die... Maar hulle was in 'n area wat die klip oop is van sneeu, jy weet. Ons het die Nunatak wat bietjie uitsteek, maar hy kry bietjie 'n laag sneeu en dan smelt dit weer af en so jy weet ons het 'n redelike impak gemaak wat so bietjie sneeu akkumuleer en hulle moet dit elke jaar dit afskud maar, nee, ons was nie die eerste op Nunatak perse nie, nee.
- V** Hoe was die besluit geneem, wie het die besluit geneem om dit op die Nunatak te bou?
- A** Ons het gaan kyk en sê "Okay ons sit by SANAE II posisie" dis op die gletser, dit beweeg uit en ons dit moet afbreek alhoewel dit op die horison vir 20 jaar was. Hulle het die ou Noorweegse basis, SANAE I was 'n ou Noorweegse basis wat binne drie jaar gebreek het, toe bou hulle nog ene, SANAE II. Wat toe ook 'n houtbasis was wat ook sewe jaar gehou het en hy het ook opgebreek. Toe bou hulle SANAE III wat toe nou veronderstel was om vyftien jaar minimum te hou, maar nou as jy kyk na die kostes om elke dan tien of vyftien jaar 'n basis te bou, teen die argument dat as ons daar is, is daar 'n kontinue databasis, die weer ouens was al twintig jaar daar van SANAE I se kant af. Jy weet, 1957/58, so hulle was al baie jare daar, so hulle wou dit nie skuif nie, maar toe kyk ons nou maar en sê Okay kom ons gaan 'n bietjie binneland. Die logistiek is meer. Ons doen toe nou die ondersoek en sê kyk, as jy 'n basis op Nunatak bou, binnelands, dan het jy eerstens 'n lekker soliede fondasie. Jy kan 'n konstruksie bou wat 25 jaar plus hou. So vir dieselfde, oor die ekstra koste vir die logistiek kan jy redelik koste-effektief wees. Toe is dit nou wik en weeg en toe sê die wetenskaplikes, okay, as hulle nuwe databasis nog nie so ver nie, hulle kan dit dalk korreleer, kan hulle daarmee saam lewe as ons die ding skuif? Toe is die besluit geneem, ons skuif hom.
- V** Het julle maar rond, met 'n helikopter gevlieg en besluit waar dit moet wees?
- A** Ja.
- V** Wie was dit gewees wat daai *scouting* gedoen het?
- A** Ek het dit gedoen saam met die... Dit was die jaar wat die helikopter so geval het daar in Antarktika.
- V** Vertel?

- A** Jy weet nie van dit nie?
- V** Nee, ek weet nie daarvan nie.
- A** Hulle het die Pumas daar gehad daai tyd, dit was die Pumas en die Oryx. Toe het, ons het toe nou maar saam met die Polarstern afgekom, Duitse basis aangekom. Toe kom die ouens en hulle kom haal ons by Neumayer. Toe vlieg ons oor en toe sou ons nou van daar af 'n rekkie gaan doen het om te kyk na die moontlike bou *sites*. Net op daai stadium toe gaan die helikopters hier in 'n baie hoë vlak bo seespieël, ek dink hulle was hier by 2000 m of wat en toe is dit so koud, minus dertig, toe kon hulle nie weer aan die *start* kom nie en toe staan hulle ou daar. Toe is dit nou 'n groot *commotion*. Toe kom die Duitsers met hulle klein helikoptertjies en hulle vlieg toe daar in en hulle land om die ouens te gaan help daar, toe *start* daai helikopter nou ook. Toe is dit 'n moerse *commotion* om hierdie ouens te probeer red daar bo.
- V** Nou waar het hierdie mense nou geland? lewers nou teen die binneland?
- A** Daar in die binneland Suid in die berge by die geoloë. Hulle was daar besig om ondersoek te doen en ek dink die een geoloog moes op 'n sekere koppie uitkom en toe staan die helikopters nou daar, maar nou is die ouens daar in die veld. Nou is dit 'n moewiese storie. Hierdie helikopter vlieg toe in met voorrade en goed, maar toe hy land toe wil hy ook nie *start* nie.
- V** Jis dis al hoeveel helikopters?
- A** Ja toe staan daar drie helikopters, twee groot Pumas en hierdie klein...
- V** Duitse helikoptertjie?
- A** Messerschmidt of wat ook al die helikoptertjie was, dit wat die polisie gebruik jy weet, hierdie.... Dis nou juis daai. Toe sê hulle okay hulle moet nou nog iemand kry. Toe ry ons terug met die skip tot by Bouvet. Toe kom die Drakensberg af, bring 'n paar enjins, *spare* enjins vir daai polisie helikopter, polisie vlieënier of, bring nog 'n Oryx af, dis die Oryx. Almal oorgelaai, ry al die pad weer terug. En ons is daar net om te kom kyk na die basis, dit sou gou gewees het. Toe is ons weer al die pad terug en toe vlieg hulle nou weer nog die Oryx nou daar op en toe gelukkig kry hulle al die goed *gestart*, bou hulle 'n ander enjin oor in die Duitse helikopter in en vlieg toe nou kom hierdie *happy* lot uit. En toe is die weer mooi en toe ry ons nou op, is ons na al die pieke toe en kyk wat is die beste...
- V** Beste plek om te wees. Het hulle toe weer Harry Oryx'es en Pumas gevat?
- A** Ja ek kan nie onthou nie, daar was 'n instelling met die brandstof verhouding en die hoogte bo see- die suurstof te kry en dit was toe op 'n stilhou en toe hulle nou daai bietjie oorskry en toe kon hulle nie weer die goed aan die gang kry nie. Dit was so iets gewees.
- V** Was daai vlieëniers *happy* gewees om weer terug te wees?
- A** Ja nee, jis, hulle het...
- V** Het hulle dit gevier?
- A** Hulle het dit baie gevier, ons het dit al die pad gehoor terug. [lag].
- V** Is dit so?
- A** Hoe hulle hierdie stokke getrek het en...
- V** Wie was die argitek gewees?
- A** Ek was eintlik die argitek van die SANAE IV basis. Ek het daai hele konsep ontwikkel.
- V** Maar jy het nou-nou gesê daar was 'n in-huis argitek ook gewees.
- A** Ja hulle het die binne-in, die binne inrigting gedoen.
- V** 'n In-huise argitek wat die binnenshuise argitekatuur gedoen het?

- A** Ja, jy weet, al die kamers, die uitlegte, die...
- V** Wie was dit gewees?
- A** Dit was Schumfler.
- V** Schumfler.
- A** En ja hy was maar basies die hoof van die bouwerk, ek en hy het baie baklei, want toe ons een jaar na daai ondersoek terugkom, toe het hy 'n hele nuwe model gebou en gesê hierdie is beter. Ons het ure en ure spandeer om hierdie, die sigaar rolletjies te ontwikkel by die mooi kleure en alles. Wat nou mooi op die plek sou gepas het. Ons het baie baklei daarvoor en op die ou einde van die dag toe is dit in 'n groot vergadering, toe sê die daai tyd se ADG...
- V** ADG? Adjunk Direkteur-Generaal?
- A** Adjunk Direkteur-Generaal Sidburg, hy sê toe nee ons bly by die bestaande... Dis mos redelik van die pad af, jy weet, als is al ontwikkel vir daai uitleg. So, wat ons gedoen het om die fondse te kry, het ons die uitleg gedoen binne ook. Al die uitleggings en kamertjies, jy weet, dit ook. Die vorm van die gebou, hy was op 'n stadium spierwit. Die kleure is besluit op 'n politieke vlak: dit moet rooi, wit en blou wees. So ons het 'n wit modelletjie. Jy kan hom dalk nog sien op een van hierdie prentjies.
- V** Ja?
- A** Spierwit.
- V** So 'n spierwit model. Wat sou die rede daar agter wees?
- A** Ek maar net op daai dae besluit is dat, kom ons hou dit net, jy weet heeltemal neutraal. Die wit pigment was ook die goedkoopste. Toe het die rooie en die blou pigmente bykom...
- V** Ek verstaan dis ingegiet, in daai, die kleur?
- A** Ja dis, dis vas. Jy kan dit nie afkry nie.
- V** Wie het daai besluit geneem, want ek bedoel dit was in '92/'93 so mens moes al vermoed het daar gaan veranderinge kom?
- A** Ja, nee dit was... Ek weet nie, iewers in Omgewingsake was dit besluit dat ons sal ons moet 'n kleur in die basis kry en dit moet oranje, wit en blou wees.
- V** Okay.
- A** En dis toe, *obviously* later is dit toegeverf.
- V** Is dit toegeverf? Nee ek wonder net was dit een of twee individue gewees, want dit is 'n baie... Okay, *in hindsight* is dit *always* 20/20 natuurlik, maar ek dink teen '92 moes dit al redelik duidelik gewees het hier kom 'n nuwe regering?
- A** Ja ek dink so, ek dink dit was ook op 'n stadium 'n bietjie teruggehou omdat daar 'n gevoel was dat die prioriteite sou verander dat hulle nie geld gaan gee om die basis eintlik te bou nie. Die beplanning was alreeds ver in die pad af gewees, maar toe sit ons nou onder "wat nou?" jy weet, gaan ons geld kry? Ons het dit op die begroting gesit en toe kry ons die geld, maar ja dit was al reeds... Die '93 was daar reeds daai gevoel van 'hier kom verandering' so ons kan nie nou net goed doen nie, jy weet, die nuwe regering het dalk ander prioriteite. Dit was die argumente gewees en toe op 'n stadium toe kry ons net die instruksie dat ons moet voortgaan en dis die kleure wat hulle die basis wil hê.
- V** Wat hulle die basis wil hê? Wie is hulle?
- A** Dis Omgewingsake. Ek kan nie onthou die mense presies nie. Die ou wat ons mee kontak gehad het daai tyd was Bernard Gaum. Bernard Gaum was daai tyd in beheer van instruksies aan ons in terme van die gebruikersdepartement, het hy hoofsaaklik verteenwoordig.

- V** Het die pers ensovoorts vir jou gevra oor die basis se kleure soms?
- A** Dit is in party van die artikels gevra. Toe sê ek wel jy weet dit was, in daai tyd, jy weet, dit was die regering van die dag gewees en hulle het gevoel dis *fine*. Jy weet, as daar iets gedoen moet word, dan moet iemand dit maar verander as hulle wil later. Hulle het dit toe ook verander.
- V** Ja dis mos nou oranje, blanje, rooi? Of rooi, oranje, blou of so iets?
- A** Wel dit was oranje... Ja hulle wou, hulle het oranje, wit, oranje. Hulle het dit baie naby probeer maak aan die oranje bo. So hy is dalk 'n bietjie donker na die rooier kant toe.
- V** Ja hy lyk bietjie rooier.
- A** Ja
- V** Wie was die groot rolspelers gewees op daai komitee wat die bou bepaal het? Was dit Dirk van Schalkwyk...
- A** Dirk, Bernard en Richard het van tyd tot tyd ook daar gesit. Skinner. Maar dit was die groot besluitnemers.
- V** En toe daar nou hierdie bietjie van bekommernisse was dat die nuwe regering nie so sou belangstel nie, is dit redelik vinnig dat dit deurgekom het julle kan maar aangaan, daar sal geld wees?
- A** Ja dit was so ses maande breek, toe dink ons 'o gaats, ons gaan dit nie maak nie' maar Dirk het dit toe gedryf, Dirk van Schalkwyk. Hy het toe die voorlegging gaan doen by die kabinet deur Sidberg was dit redelik positief ontvang, deur die nuwe, moontlike nuwe rolspelers. Selfs in '93/'94 toe die nuwe regering al, jy weet... Was dit, daar was 'n nuwe Direkteur-Generaal by Openbare Werke en ek het toe 'n hele voorlegging daar gaan doen, met die oranje, wit en blou prentjies in want op daai stadium...
- V** Wie was die Direkteur-Generaal gewees? Kan jy onthou?
- A** Siphoshezi.
- V** En het Siphoshezi toe iets gesê oor die oranje, blanje, blou?
- A** Hy het toe nie, maar ek dink hy het later vir iemand iets gesê want ons het toe nou gesukkel 'n bietjie langer om die geld te kry maar dis toe op die einde van die dag... Maar jy weet, toe kon ons nie meer laat wag nie, toe moes ons laat waai. Toe ons die geld kry, toe plaas ons die bestellings, want anderse sou ons nie betyds jy weet...
- V** Vir die somer...
- A** Ja om eers die materiaal te lewer nie, maar ons het juis gewag, wag, wag, wag toe sê hulle gaan solank aan en bestel die goed, jy weet, ons kan altyd dit hanteer as dit 'n probleem is.
- V** Wat wou die binnenshuise argitek, hoe wou hy die basis verander?
- A** Hy wou die modules heeltemal verander het en die vorm van die goed, jy weet, hy wou hulle so op snaakse... As jy dit deursny, jy weet so plat, so, so. Soos die Duitse basis nou is.
- V** Ja, ja, ja.
- A** Ons het gesê rond... Ag, daar was argumente, maar hy het die styl heeltemal, die hele produk verander. Die goed sou in die middel geloop het waar dit nou by die rondings... Die skagte en sulke goed.
- V** Was jy self ooit gevra om 'n verdragsvergadering by te woon en 'n *presentation* te lewer vir, sê nou maar, op 'n hoër vlak soos by SCAR of 'n internasionale vlak by SEP of by COMNAP of enige een van daai?
- A** Nee dis maar, ons het maar die voorwerk gedoen, die inligting gegee en Dirk-hulle het dit hoofsaaklik hanteer.

- V** Okay so, net 'n laaste een, miskien kan ons nou na die *Powerpoint* kyk. Ek wil bietjie loop deur die proses van hoe bou mens 'n basis op Antarktika?
- A** Okay. As jy nou verby die konsepte is. Kyk uiteraard gaan jy nou eers kyk waar die plek is en ons het 'n behoeftestelling gehad van die ouens. Wat wil hulle hê, wat moet alles werk in die plek, en toe min of meer groottes beginne uitwerk en sê dit is omtrent die oppervlakte, jy weet, een verdieping, twee verdiepings want anderste het jy nou weer so groot ding wat... Dis drie en 'n half duisend vierkante meter, dis die oppervlakte. Toe moes jy uiteraard bietjie opmekaar sit, twee verdiepings, om die goed 'n bietjie kleiner formaat te maak. So, dus, jou eerste stappe is behoeftestelling, wat wil hulle hê, sit die goed en konsepte bymekaar, besluit op die materiale. Nou kyk jy na die weersomstandighede en die fisiese omgewing. Hoe gaan jy hom vassit, jy weet, watse isolasie gaan jy gebruik? So jy gaan dan deur die proses, jy gaan die bakstene gebruik, jy kan nie sement gebruik nie, dit gaan nie set nie, dis te veel logistieke probleme, jy kan nie bou met dit nie. So nou soek jy iets wat lig is, wat goeie isolasie het en dit kom van veselglas af en wat baie sterk is in koue omstandighede. *Store raw* werk en dan hoe, gaan kyk daar toe ons die ondersoek gedoen het, hoe lyk die fisiese bo-struktuur. Jy weet, jy kry klomp, omdat jy sneeu kry en dit word weer... Die klip word warm op die Nunatak, dan gaan dit in krakies in, dan kraak dit die goed oop so jy het 'n verbrokkelde sone so van 'n halwe meter so in 'n matriks van klip en ys het en dan om iets te fundeer kan jy nie op dit fundeer nie, dis te bros.
- V** So het jy maar geboor?
- A** Geboor. Boor mos dwarsdeur, sal ek jou wys daar, om deur daai sone te kom waar jy in die bevrore sone bly, jy weet jy kan nie dat hy heeltemal swel en tekere gaan nie, dan kraak dit en dan druk dit later jou fondasies uit. So jy moes omtrent twee meter diep gaan, in daai rotse in boor en dan jou fondasie insit. So dis daai besluite pen jy dan in konsep neer, watse enjins gaan jy gebruik, watse kragopwekker. Diesel, wind, son... daai tyd was die sonkrag tegnologie nie van so aard dat dit winsgewend is nie. Of, jy weet, kostegewys nie.
- V** En wind? Ek bedoel is wind 'n *viable* opsie gewees daai tyd?
- A** Dit was nie *viable* nie, maar daai ook weer eens, jy weet, selfs nou waai goed weg daar.
- V** Ja, hulle probeer nou wind turbines daar op sit.
- A** Ja dit kom nou op, ja die eerste, ek dink, die eerste een het nou al *geseize* en hy werk nie. Dis net so omgewing. Toe gaan dit nou oor die veiligheid. As iemand nou daar iets oorkom of generator pak op kan jy hom regmaak. Jy het twee of drie van dit wat bystand is so jy weet dat die masjien kan reggemaak word en jy kan oorleef. So uit veiligheid is dit toe besluit om generators, hoe gaan ons water maak? Jy weet, al daai konsep besluite maak jy dan vooraf en dan sit jy jou geld daarteen.
- V** Moes julle meer water maak? Julle moes seker 'n *mass* water maak vir die konstruksie? Of nie regtig nie?
- A** Nie regtig nie, daar was maar meer mense. Ons het nie water nodig gehad nie.
- V** Vir menslike gebruik?
- A** Presies. Die spannetjie wat daar was en natuurlik ook 'n klein konstruksie basis dan voor die tyd bou so as die spanne kom, dat hulle kan bly en dan werk na die terrein toe.
- V** Skies, ek gaan net gou hier onderbreek. Die konstruksiewerkers, van waar het hulle gekom en hoe is hulle gekies?
- A** Openbare Werke weer eens. Hoofsaaklik van die Kaapse streek kant. Hulle het nogal redelik,

- die klein *niche* van hulle is skerp.
- V** Antarktika...
- A** En toe is daar net nie genoeg mense, daar was op 'n stadium sestig mense gehad in 'n span en hulle het nie genoeg gebou nie en toe is ons na die ander streekkantore – Bloemfontein, Durban, Port Elizabeth. Toe daar het ons nou ook gaan onderhoude voer het met mense. Vakmanne.
- V** Waarna het julle gekyk in die onderhoude?
- A** Jy weet jy moet 'n, jy weet jy is 'n klomp manne bymekaar en jy werk sestien ure 'n dag, elke dag en jy is opmekaar die hele tyd so jy moet 'n bietjie 'n ou hê wat vir sulke lang duurtes, jy weet, kan kophou. So die eerste kriteria was natuurlik dat die tipe ambag elektrisiën is, skrynwerkers, daai tipe van goed, meganiese ouens, passers en draaiers, *welders*. So dit was die eerste kriteria en dan het jy maar 'n onderhoud gevoer en dan was een van Openbare Werke se personeelbestuurders saamgevat en elke ou moes so toetsie aflê en... Ag, dis een van hierdie goed wat jy... Vra jou klomp snaakse vra, jy weet.
- V** Was dit 'n sielkundige tipe toetsie?
- A** So sielkundige toetsie, om te kyk of daar nie dalk enige krake is of iemand wat dalk ooglopend dalk nie die regte ou is om daar te hê nie. En toe het ons die spanne elke jaar so paar dae na mekaar gekies.
- V** Watter opleiding het hulle ontvang?
- A** Geen.
- V** Geen spesifieke *cold weather training*?
- A** Nee wat. Klim op die skip en dan leer ons jou daar onder. Jy weet jy vertel hulle, jy gaan deur opleidings video's op die skip. Die ouens word ge... Jy weet...
- V** Was daar van hulle wat nie regtig voor hulle gegaan het, 'n idee gehad het van waar Antarktika is of dat dit koud is of dat dit...
- A** Kyk daai jaar was, jy weet, veral die swart outjies wat daar uit die die eerste jare gegaan het, jy weet, ek meen vir hulle gewys het, maar meestal ek sou sê sestig persent. Jy weet ons het op 'n stadium vir die streek kantoor gebel en gesê hoor hier ons soek mense om Antarktika toe te gaan en ons wil graag 'n onderhoud of 'n afspraak maak met daai tyd se streek bestuurders. Toe sê sy vir my "Waar's dit? Is dit daar naby Zastron?" So dit was regtig...
- V** Wel ons kry dit nog steeds, mense wat matriek het in 'n goeie X model C skool wat nie regtig weet wat Antarktika is en waar dit is nie.
- A** Ja dis ook, jy weet, mense soos ek. Ek het nie regtig geweet nie, maar jy weet die aardbol en aardrykskunde en so aan, maar wat dit presies is en wat jy nou hier gaan jy nou en jy word gevra om te gaan werk in 'n plek wat jy absoluut...
- V** So van hulle het seker bietjie, toe hulle nou daar aankom en voel dis koud en dis wit en dis...
- A** Ja veral toe hulle sien dat ons werk tot die son sak en die son begin nie meer sak nie. Snaaks jy weet. So, ja toe het ons maar die twee spanne jaar na jaar bymekaar gekry.
- V** Beplanning verander, is seker ook aanpasbaar in 'n sekere mate soos goed voorkom?
- A** Ja, jy het, omdat jy nou bietjie kennis onttrek het van almal en jy het nou hierdie konsep ontwerp en dis goedgekeur en jy het dit klaar gekry en nou moet jy begin. Nou moet jy die "tenders" uitsit om die materiaal, jy weet al die spesifikasies. Wat ek gedoen het, ek het die hele professionele span gekoördineer. Jy weet, die elektriese dienste, moet nie dat die goed, die riool, die water, die hele *detail* ontwerp. Moet ook maar dit ook teken en dan gaan dit alles

- op tenders uit. Elektriese en meganiese ouens en dan word al die materiale gekrat, daar's spesifikasies hoe dit gekrat moet word, mag nie meer as twee ton weeg nie, want laas het van die goed afgevlieg en toe kry hulle alles bymekaar, dan op 'n hoop en hier gaan jy nou.
- V** Van daai eerste spanne werkers wat julle afgevat het, was van die eerste spanne, was daar swart mense saam gewees?
- A** Nee in die begin was dit net Kaapse stem as Kleurling.
- V** Kleurlinge, ja.
- A** Maar nie swart ouens in die begin nie.
- V** Was daar Moslems onder die Kleurlingouens gewees?
- A** Ja.
- V** Moes julle spesiale toestem- of hulle spesiale toestemming kry? In terme van Ramadan, of sulke klas van ding?
- A** Kyk ons het voorsiening gemaak kosgewys. Ons het vir hulle gesê kyk, dis baie moeilik. Jy weet, en dan het die *chef* altyd, jy weet as ons nou sekere vleis eet, dan vir hulle, jy weet, net groentes gemaak of vis of iets van die aard, jy weet en die potte probeer apart hou. So ons het probeer, maar ons het juis gesukkel in die begin. Daar was nie baie van hulle nie, omdat jy weet, dit was net... Jy sit in 'n konstruksiebasis met 'n *container*-grootte kombuis om vir sestig ouens kos te gee en iewers gaan dit vermeng. Maar die ouens het... hulle het geweet hulle gaan en, jy weet, hulle het maar hulle, hulle het maar aangepas daar ook van die begin.
- V** Maar dit het seker homself ook makliker uitsorteer of makliker geraak.
- A** Ja, jy weet, op die skip kon dit makliker hanteer omdat hulle juis bemanning gehad het wat ook Moslems was. Was die kombuise redelik gerat vir dit, jy weet, so dit was okay op die skip en so dis net op die terrein. Ons het spesiale kos toe vir hulle gekook.
- V** Wanneer is die eerste swart werkers toe saam?
- A** Die eerste ouens was toevallig twee ouens van Bloemfontein wat, hulle was twee *stone masons* en *stone masons* is 'n, hulle het al die sandsteen van die geboue in Bloemfontein vervang, maar dis die enigste twee wat nog amper in die land oor was wat hierdie ambag nog, ambagsmanne was. En hulle was van die eerste ouens in Bloemfontein wat nog swart ouens wat saamgekom het.
- V** Wat was hulle werk dan gewees op Antarktika as hulle veral *stone masons* was?
- A** Kyk daar was ook baie, natuurlik fisies werk en baie van dit... Die ding is as jy so basis daar bou, jy kan nie vir 'n ou wat sê maar, 'n maand se werk het, dat hy net die maand werk en dan niks doen nie. So almal moes alles doen. En jou ambag. So al die *electricians* het maar saamgewerk totdat hulle die gebou min of meer in plek was dan het almal maar swaar gedra. So daar was goed, fisiese werk wat ook moes gedoen gewees het en hierdie ouens, omdat ons regtig gesukkel het om mense in die hande te kry, het ons hulle 'n kans gegee om, ag ook om maar hulle horisonne te verbreed, jy weet, hulle sou nooit in hulle lewe so geleentheid... So ek dink dat was hoofsaaklik, dis deel van die besluit gewees, maar hulle was ook redelik algemene *trades* ouens, jy weet, jy kon sien hierdie ou...
- V** Ja, ja. Hulle was redelik *skilled*.
- A** Hulle was *skilled* ja, hulle kon met hulle hande werk, jy weet, en ons het hulle regtig gebruik en ons het daai tyd het ons begin met die fondasies en die pale, jy weet, so dis inswaai van die panele so eintlik enige natuur van ambagsman kon sekere van die werke, het jy jou algemene ou. En ons het maar algemene ouens gekies.



- V** Wat het julle gedoen tydens storms, dat julle nie kon werk nie?
- A** Man die ouens het baie gedans vir storms dat hulle kon slaap. Dan slaap hulle, jy weet, want dis die enigste dat jy 'n breek kry. So, as jy vir vyf dae daar lê en muf, jy weet, hulle almal slaap net. Slaap, slaap, slaap. Almal slaap.
- V** Wat moes mens doen om DOW-werkers gemotiveerd te hou om so lang ure te werk?
- A** Kyk hulle word betaal, so hulle verdubbel hulle salaris vir daai jaar deur Antarktika toe te gaan vir drie maande.
- V** Is dit 'n *danger pay*, 'n oortydbetaling?
- A** Daar's toelae, daaglikse toelae plus oortyd. Die groot gedeelte van die vergoeding was oortyd. So hulle kon vir die eerste keer enige ou 'n klomp oortyd verdien en klomp geld relatief tot wat hulle verdien het. So dit was hulle grootste motivering, maar jy weet as jy dink een seisoen was partykeer vyf maande, was een van die lang seisoene. Jy kry dat almal is af met soos miere af en ons werk en so na 'n maand kan jy sien die skouer so bietjie hang. Veral as die weer goed bly vir 'n lang tyd, dan moet jy, jy weet, ons werk tot tien uur, elf uur die aand, elke dag.
- V** Weer ses uur op dan?
- A** Jy's moeg. So jy, en dan begin die, jy weet soos enige afgeleë tipe van projek. Jy raak gou 'n bietjie gatvol. Jy weet en daar's klein goedjies, jy weet, "jy sit op my sitplek, ek sit altyd hier". Daai klein goedjies begin krap wat normaalweg nooit krap nie en dan begin die gemoedere... jy weet, en dan moet jy maar af gee by tye en ouens bietjie moed in praat en al sulke goed. So jy moet maar daai ding bestuur, dan gaan dit weer in een plat gedeelte in en dan gaan die gemoedere weer op en dan so drie weke voor die skip kom dan sien jy net skielik begin hierdie net so almal: "Manne, die skip kom. Kom maak klaar."
- V** Ek verstaan, ja.
- A** Dan is almal weer moeg wanneer hulle op die skip klim en dan het hulle uitgepass vir drie dae voor hulle weer terug is. So dis so op en af.
- V** So, 'n siklus maar?
- A** Ja.
- V** So dit was dan in '92 is die eerste span af? En dan is hulle elke somer maar af?
- A** Ja elke somer vir ses jaar.
- V** En daardie jaar wat daar nie 'n span was nie, het hulle net saam met konstruksie span gegaan? Of die konstruksie span saam met hulle gegaan en toe is almal op een slag terug gevat?
- A** Ja almal is terug en hulle het toe die volgende jaar daai selfde span het, of die wat nog kon, en hulle het toe saam met die ouens gewerk sodat hulle, al die meganiese ouens, die elektriese ouens, terwyl hulle installeer. Hulle sou die eerste oorname span gewees het in die nuwe basis sodat hulle die sisteme begin leer ken het.
- V** Was dit '95/'96 omtrent?
- A** Ja ons het hom... Dit was '96/'97. Ons het die basis amptelik, ja dis '96/'97 gewees. Ons het die basis amptelik geopen in Januarie/Februarie 1997.
- V** '97? En toe is hy as 'klaar' verklaar?
- A** Hy was nog nie heeltemal klaar nie, maar hy was leefbaar. So daai ouens het toe nog baie van die foute opsporing gedoen en herstel en...
- V** Kleiner goedjies reggemaak.
- A** So alles het geloop vir daai jaar en ons het die jaar daarna het ons gekom en dan al die goed meestal klaargemaak.

- V** So vir daai tyd het jy vir die helfte van elke jaar omtrent in Antarktika gebly?
- A** Daai eerste jaar is daar 'n vrouedokter, Amy Erawis. En Amy, almal hoor toe hier kom 'n vrou...
- V** Is dit nou 'n konstruksie...
- A** Nee, nee, sy was die dokter vir die jaarspan. En ons hoor daar kom joernaliste, jy weet en skielik is daar wees so 'n *buzz* in die kamp, dis asof die gemoede so lig en almal skeer en spuit en gaan tekere. Maar nou, daar's nou sekere... daar's mannereuke, jy weet dis nou alles. Ek onthou nog ek sien die helikopter land en hier kom die mense nou aangestap, jy weet, en ons het toevallig teetyd gehad. Maar ek onthou nog dit was sy gewees, maar jy kon nie sien nie. Sy het *goggles* aangehad en so aan, maar sy loop so verby en daar kom so parfuumreukie daar verby. Maar daai manne se koppe draai omtrent 360 grade soos hulle hulle omgepluk het en sê "wow!"
- V** Dit moes 'n snaakse prentjie gewees het.
- A** Toe is ons nou al drie maande daar, jy weet...
- V** Wat mens net ander mans sien.
- A** Dis net mans en mans.... maar jy weet, die...
- V** Was daar nie vroue wetenskaplikes met van die oornames daar gewees toe nie? Nog nie regtig nie?
- A** Nee, nee daar was niemand, jy weet daar was net, die konstruksie was aan die gang. Dit was alles mannespanne tot ek dink...
- V** Ek dink daai was die eerste vrou gewees wat vir 'n jaar af is, maar daar was voor haar vroue met die oornames gewees, maar het julle enige kontak met die basis gehad tydens oornames?
- A** Ons was maar daar ver, jy weet, net wanneer ons daar verby kom soos die materiale daar verby die *E-base* bring of die wit basis gebruik vir akkommodasie, die drywers. So jy weet, daar was interaksie en daar was, jy weet hulle het vir die basis se ouens gaan kuier en daarom jy weet.
- V** Ek wil net mooi sekermaak. Was daar op daai stadium drie basisse: 'n konstruksie basis, E-basis en 'n... die ou SANAE III?
- A** Ja die ou SANAE III, die noodbasis wat gedien het as 'n *pit stop* en dan was die konstruksie basis plus die bou van SANAE IV was in waar wording.
- V** Die konstruksie basis, hoe het dit gelyk?
- A** Klomp *containers* sal vir jou wys. Aanmekaar vasgeprop met 'n loopkraantjie en 'n *generator*, en dit was storte, 'n kombuis, 'n *lounge* en as jy dit... vier slaap-*bunks* in 'n standaard ses bed-kamer.
- V** Vertel my net, die konstruksiewerkers was seker getroud gewees met kinders?
- A** Ja so dit was, ek dink, baie... Daar's 'n klomp ouens daardeur. Ek het so 'n ding daar, jy sal sien daar's so ding geskryf van SANAE met al die spanlede by elke jaar wat daar by die kroeg staan. Jy sal hom sien as jy daar kom.
- V** So die konstruksiespanne was maar gemiddeld so sestig mense?
- A** Nee, in die begin was dit kleiner, kleiner. Soos wat die tyd aangegaan het, het van die materiale begin toe sneeu, toe moes jy dit uitgrawe. Toe het ons ouens van die weermag gaan kry om net daai werk te doen nie. Jy moet nie 'n ambagsman gebruik om sneeu te grawe nie. So daar, ons het flippen seine uitgestuur, daar was somer 6, jy weet 26/30 mense somer vir die eerste aansoek dat ons net wil gaan, Toe kies ons so spannetjie van twaalf weermagouens en hulle was net daar om uit te grawe.

- V** Was hulle net gesekondeer om uit te grawe? Het die weermag hulle maklik toegelaat om dit te doen?
- A** Ja dit was eintlik baie lekker gewees.
- V** Okay so ons het nou by die beplanning verby gekom, ons is nou by die bou van die basis. Wat was die groot uitdagings gewees?
- A** Jy het 'n program. Jy moes die goed vanaf die skip kry tot op die yswal. *Depots* maak werk, as jy dit nie merk nie, sneeustorm – weg. So dan het jy 'n depot daar. Dan het jy die goed vervoer van daar af tot by die konstruksiebasis, agter die konstruksiebasis weer 'n *depot* gemaak, weer gemerk en dan van daai materiale af, werk jy nou van daar op na 'n area wat die omgewingsouens gesê het hier mag julle kratte oopbreek en net hier mors en daar die plek skoon hou. So moes jy gaan uitgrawe die goed wat diep was, na hierdie plek toe bring, al die kratte uitmekaar uit haal, aanmekaar vas is, dis alles teruggebring. Dan is die materiaal met sleë opgevat na die basis terrein toe, met krane ingeswaai en ingebou. So dit was dan die hele proses, jy weet en dan het jy nou die konstruksiebasis wat volledig toegerus is met kos en mense wat daar gebly het, so 800 meter weg. Nee skies, dit was so 400 meter weg. Die *depot* daar van 'n kilometer by 800 meter van kratte. Want jy pak hulle so uitmekaar het, want anderste kan jy nie om die goed skoon kry nie, om hom uit te grawe nie.
- V** En daar is nou maar 'n *grid* gehou, of 'n lys gehou van waar watter goed is?
- A** So daar was 'n tekeningekantoor, op dit was al die tekening en die programmering wat ek gedoen het en wat ek wou doen daai jaar met die krat name en die nommers en waar's hulle en die *depot* planne. Sodat jy uitkrap dat jy kan tred hou van waar is wat en, jy weet hoe dit gebou word.
- V** Watter mense was jou, ek wil amper sê, tweede en derde in bevel, sê nou maar van DOW? Wat was mens se regterhand mense gewees?
- A** Ons het, ek en Johan Hattingh van Omgewingsake het daai jare was... Hy was van Omgewingsake wat die logistiek gedoen het en ek het dan die bou hanteer en ons het saam die beplanning dan gedoen vir die oornam. Kyk as ek sê ek vir hierdie jaar dit doen, dan moet hy vir my die Caterpillars gee en die krane. Dan ondertoe was in my bouspan, was daar nou die elektriese- en meganies- en die bou-hoofde. Dis gewoonlik senior ouens uit DOW en hulle het elkeen hulle spannetjie mense ondertoe. So hulle, ons het dan vergaderings gehou en dan gaan hulle en dan, jy weet, sit hulle die werk uit en dan doen ek die logistiek en reël dat die goed kom, jy weet, daai ouens *electricians* het nou daai rolkabel nodig en so gaan dit aan.
- V** En hierdie mense, was daar van hulle wat jaar na jaar nou gekom het wat mens spesifiek kan onthou as regterhandmense?
- A** Ja, Julian Thiant, Willem van Lewd, Michael Murphy, Dave Hendrikse.
- V** Hy is ook nog daar, is hy nie?
- A** Dave is, hy het afgetree, ja. Jy kan baie... Hy het baie van die logistiek hanteer. Jy weet, kos en klere aankope, het hy hanteer en al die tierlantyntjies en TV's en, jy weet, Dave was baie lief vir sy goedjies.
- V** Het die konstruksielede 'n uur of wat vir ontspanning gekry, af en toe?
- A** Ja, dit was partykeer was dit nou, jy weet afgesien van die stormwinde was dit nou 'n dag af, jy weet Kersdag byvoorbeeld en min ander dae, maar as jy sien die ouens is moeg, jy weet dit help nou nie jy slaan aan 'n dooie perd nie. Jy gee die ouens af.
- V** Wat was die aanvanklike begroting en wat was die uiteindelijke begroting?

- A** Oe, sensitiewe inligting wat jy nou vra. Ons het aanvanklik met die konsep gekyk hier by R25/30 miljoen en dit het geëindig hier by R80 miljoen. Maar dit was nie net die bouegroting nie, R80 was die skepe, die helikopters...
- V** Ja, natuurlik.
- A** En, jy weet dit is 'n hoë koste gewees, alhoewel daardie tyd was die helikopters deel van Omgewingsake. Dit was hulle bate en die lugmag het net 'n oortyd verdien so dit was relatief goedkoper teenoor Marion-eiland waar jy nou privaat kontrakteer as die ou die helikopter bestuur.
- V** In die koerante staan daar die basis self was R38 miljoen, in die artikels nou, so die ander goeters...
- A** Ja dit was, en dan die ander was die logistiek.
- V** Logistieke kostes gewees.
- A** Dis die, al met hierdie ver afgeleë goed, geleë tipe van goed, jy weet wat jy bedryf, is jou logistiek bekommernis so groot want jy moet die ouens... Veral Antarktika, jy weet want jy speel met die ouens se lewe daar. So jy weet groot geld gaan in die logistiek in en dan sien jy die wetenskaplikes is altyd vies want hulle kry min geld vir wat hulle moet doen, maar die logistieke begroting is net so groot.
- V** Wel die logistiek is seker bietjie duurder?
- A** Ja, dis die ding, dis skepe, dis helikopters, dis al sulke tipe van goed wat uiteraard...
- V** Wanneer het mens begin besef okay die basis word nou klaar?
- A** Sjoe dit was 'n lange stryd. Ja daar, wel, ons het besef daar in die begin van toe ons teruggekom het in vroeg '96, jy weet toe weet ons nou ons kan hom leefbaar kry vir die opening. Toe was die opening toe gereël vir die komende jaar.
- V** Julle moes seker, okay maar April is al baie laat, so julle het seker heel betyds teruggekom vir die verkiesing in '94?
- A** Ja, ja ons was betyds gewees. Dit was 16 April, né?
- V** 27 April.
- A** 27 April, ja. Ons was Maart al terug.
- V** Hoe kom 'n ou oor hierdie ding, mens is op 'n keer vier maande afwesig, vyf maande afwesig, kon mens... Hoe het dit dan gevoel om terug te wees in Suid-Afrika skielik? Voor jy nou weer af gaan waar dinge meer geïsoleerd is en dan weer terug in Suid-Afrika en dit lyk weer anders?
- A** Ja dis 'n... Ja dit was nogal 'n aanpassing elke keer, jy weet, wat jy, jy weet daar was nie goggas en vlieë en daar's nie taxi's nie, daar's nie geraas daar nie. Die enigste geraas wat jy maak is die enjins wat loop daar en die mense wat gesels en die konstruksie geraas. So, en jy is gefokus op dit wat jy doen. Jy *worry* nie oor enigiets anders nie, en dis lekker. As jy terugkom, dan het jou familie aangegaan en jy is amper half in die pad, want die lewe het aangegaan. Die vrou gaan aan met die kinders en, jy weet, dan dink jy maar dit moet so wees, ja maar jy was in elk geval nie hier nie so ek het dit besluit. Jy weet, ek dan is jy nog weer weg van vergaderings en jy vlieg Kaap toe en jy *check* materiale en so vir daai res van die jaar is jy ook nie baie daar nie. So dis 'n redelike aanpassing, elke keer.
- V** So dit word nie regtig makliker om terug te kom nie?
- A** Nee, dit... ja.
- V** Word dit makliker om af te gaan?
- A** Ja, ek sal graag soontoe wil gaan weer, ja.

- V** Raak mens nie verveeld nie? Met die omgewing nie?
- A** Man ja en nee, jy kan sekerlik na... Dis so lekker om daar te gaan, dis soos iemand wat jy weet, wat van die Kalahari hou. Die sand en hope, en tog het hy unieke goed as jy bietjie krap aan die ding. Op Antarktika self, jy weet, jy het hierdie kontraste. Dis 'n perfekte dae wat jy amper 'n T-hemp kan aantrek en die volgende oggend is 'n storm van 160 km/uur. En dit kan jou doodmaak en dan vries jy teen -25 wat die ergste is en wat dit gehad het later in die seisoen. Jy weet, so dis al daai kontraste en jy sien ook elke keer alles.
- V** Het julle 'n konstruksie dokter by julle gehad?
- A** Ja.
- V** Was daar redelike gevalle van *frostbite* gewees of wat was die grootste mediese klag gewees?
- A** In die begin, spiere. Die ouens se spiere en rug en jy weet, want ons tel staal op dis 'n geboordery en dis 'n gekappery en heen en weer, jy weet soek vir goed en uitgrawe en kraan dryf. Dit was net spierprobleme eintlik, maar toe ons begin binne werk waar daar van hierdie veselglas wat daarso was, toe is dit neus en longe. Ons was gelukkig. Ons het darem geengroot, ernstige beserings gehad nie. Behalwe nou die een, wel, die een wat nou ernstig was, was die outjie wat oorlede was.
- V** Pierre Venter?
- A** Venter.
- V** Ja, wat het daar gebeur?
- A** Man, ons het ons konstruksiebasis, was die aanvanklike modules, toe is die span nog groot en toe het ons net *containers* neergesit op die ys en hulle toegemaak en daar was een stukkie wat jy moes oorloop met 'n tou en die ouens was vir een of ander rede oor hulle moes deurgaans daar, maar die drie ouens het gestap en die een, en Pierre was toe in die middel en hy het tussen hulle twee uitgewaai. Jy weet, jy kan nie so ver sien nie...
- V** Ja dit was tydens 'n witsig gewees, ek verstaan.
- A** Ja en toe hulle die ouens kry aan die ander kant toe is... Waar's die ou nou, jy weet.
- V** Toe is hy weg?
- A** Soek, soek, soek, gaan terug, jy weet, maak toue vas en die ouens doen sulke draaistappe, jy weet, in die storm om te kyk of hulle nie die ou raakloop of wat ook al nie. Daai storm het vier/vyf dae aangehou.
- V** Pierre was ook 'n konstruksiewerker? Wat was hy?
- A** Hy was van die weermag af.
- V** Was hy nie die kapelaan of iets nie?
- A** Wel, hy was, hy was 'n mediese ou gewees, maar hy was nie spesifiek vir dit...
- V** Was hy een van die mense wat die goed moes uitgrawe?
- A** Uitgrawe, ja.
- V** So hy was 'n mediese ordonnans wat die goed moes uitgrawe.
- A** Ja
- V** En toe het julle hom gevind toe die storm...
- A** Ja, ons het so, seker 85 meter van die basis af.
- V** Wat het dit met, hoe het dit die moraal geaffekteer van die mense?
- A** Daai tyd, daai week of twee daarna was dit redelik ernstig, jy weet, die ouens was nou baie versigtig maar dit was aan die begin van die seisoen, met die eerste span, ek was nog op die skip. Die eerste span het afgegaan om goed op te *start*, so voorspan en hy was deel van die

voorspan want hy was ook 'n mediese ordonnans. Ons het toe nie die dokter op daai stadium – die dokter was ook saam, skies tog, ja dit was 'n Indiër dokter. *Anyway*, toe slaan die storm hulle daar en toe is hulle nou... Ja, toe gebeur dit daar. So dit was in die begin en dit het die ouens lank gevat om eers net weer deur die ding te kom en eers die kruis gemaak, die ouens wat die kruis daar gemaak het.

**V** Moes hulle toe... Wat het hulle met sy liggaam gedoen?

**A** Hulle het hom op ys gehou. Dis nou een van die vertrekke wat nou nie gebruik was nie en teen die einde, toe ons nou teruggaan, toe het hulle... Ek dink daar het daai stadium het die Outeniekwa gekom en hy is toe gevlieg na die Outeniekwa toe en die Outeniekwa het hom toe teruggebring.

**V** Huis toe. Was daar maar benoude oomblikke gewees met die konstruksieproses?

**A** Ja, ag jy weet as die wind op kom en die panele waai. Die wind is, en as jy skielik met 'n storm dan moet jy al die materiale, jy was besig om te bou jy weet, dan moet jy vinnig oppak. Die goed vastrap, jy weet. Van die goed het weggewaai.

**V** So julle het nooit goeters verloor...

**A** Ons het ja, goed het weg gewaai. Maar dis net, ons was nog besig om te bou, ons het so konstruksie *unit* wat terreinkantoor moes op die *helipad* gebou het en ons was besig om, ons *strap* toe die goed was, toe kom daar 130 km/h wind daar verby en hy vat alles weg.

**V** Sjoe.

**A** So jy weet nou sit jy daar en sjoe nou's jou planne daarmee heen en nou moet jy ander planne maak, jy weet en sulke tipe van goed. Ag en die materiaal wat verniel is, want die sneeu is nie sag nie. Jy weet, as jy met 'n slee 150 kilometer ver gaan haal, jy weet hy gaan so oor die goed, jy weet.

**V** En dan is daar nog *sastrugi* ensovoorts om oor te gaan.

**A** En die *sastrugi* jy weet en dit lyk so en as die sleë kom, dan gaan hy oor die bultjie en daar anderkant dan val hy om want ek meen daar is tien, vyftien ton se materiaal op hom, ja. So die kratte wat nie lekker was nie het die goed gedruk en die goed het gebreek en so daar was baie... redelik hoeveelheid skade ook in die tyd.

**V** Maar hoe het julle dit hanteer of het julle maar net gesorg dat daar ekstras is?

**A** Daar was ekstras.

**V** So dis maar beplanning?

**A** En die wat nou nie is nie, moet jy maar tydelik planne maak en jy weet wat ook al jy mee besig was en dan meer materiaal kry.

**V** So innovasie was nogal belangrik?

**A** By tye, ja. Seker.

**V** By tye. Was daar 'n besef gewees dat hierdie basis soort van 'n simbool is van Suid-Afrika – ek praat nou nie van die kleur en van die vlag nie, ek praat nou van 'n tipe *prestige* daaraan gekoppel is of 'n tipe... Dit moet iets wees waarop die nasie trots kan wees. Was daar so...

**A** Ja daar was, daar was so 'n gevoel. Ons gaan iets doen want ons het gekyk na die ander ouens se konstruksies en doen en ons het regtig iets... Daar was nog nie op so groot skaal veselglas gebruik vir 'n gebou nie, so dit was iets nuuts in daai tyd. So dit was nog nie so ver gedoen nie en hulle het juis die basis redelik ruim gemaak sodat hulle kan ook ander mense op ander lande betrek met wetenskaplike programme.

**V** Hoeveel slaapplek het die basis?

- A** Tagtig.
- V** Tagtig beddens?
- A** Ja. Ja dit was, hulle wou iets spesiaal gehad het dat ons nou ook kan trots wees daarop en kan sê, jy weet, Suid-Afrika het 'n redelike bydrae gelewer en ook die eerste EIA gedoen, ensovoorts. So daar was 'n klomp nuwe goed wat daar gedoen was, maar die ongelukkigheid daarvan is die feit dat ek is nooit regtig ingeskerp soos wat julle nou doen nie. In die algemene publiek of jy weet, en ons het daai jare gesê mense begin by die skole, jy weet. 'n Jong *laaitie* wat dit nou sien, dit haak vas. Dis waar jy moet begin, jy weet, maar dit is redelik altyd gesetel tussen Omgewingsake en Openbare Werke. Openbare Werke het hulle *niche* beskerm so jy weet dis net sekere ouens wat daai werk gedoen het deur die jare en Omgewingsake het maar nie, het die internasionale arena in terme van verdrag, alles gaan voorlê en gesê, jy weet en nou en dan het ons Charl Pauw gebel en Charl Pauw was op die hawe daar met sy broekie en so half hy was... Maar hy het eintlik baie keer die skip en die vertrek van die skip was hy die enigste ou wat die moeite regtig gedoen het op TV en dit was altyd op die, partykeer op die ses uur of sewe uur nuus, daai tyd. So bietjie blootstelling.
- V** Het julle 'n paar pryse gewen vir die basis?
- A** Ja ons het by die staal instituut, vir die eerste staalkonstruksie, het ons meriete toekenning gekry vir die ontwerp van die basis. *That's it*. Ek dink dis almal... Eintlik iets.
- V** Wat besonders was. En toe ander lande hulle basisse begin bou, of nuwe basisse begin bou, is daar toe ooit terug verwys na SANAE?
- A** Daar het 'n paar ouens, ek meen die Noorweërs was daar, maar hulle was nie op so groot skaal soos wat ons gegaan het. Ons het regtig groot gegaan, in terme van die Noorweërs, dit was op 'n klein skaal. Die Skandinawiese lande, die Duitsers was op daai stadium nog steeds op die yswal so hulle het nie Nunatak naby hulle gehad nie. So hulle moes op 'n ander tipe van konstruksie ook bly. Jy weet en die ander lande... Nieu-Seelanders was daar vinnig. Jy weet dis so ver afgeleë, die ouens het nie, jy weet, hulle kom nie sommer net daar verby nie, hulle sal miskien vrae vra en hulle sal informasie "hoor hier, sê gou bietjie wat het julle daar gedoen" en so aan, maar nie dat daar nou 'n delegasie oor kom en sê ons gaan nou SANAE besoek, wat het julle hier gedoen en so aan nie. Daar was inspeksie spanne van die Noorweërs, hulle doen mos sulke *ad hoc* inspeksies.
- V** Ja.
- A** Hulle was daar twee keer al, maar dan is dit meer omgewings, jy weet, protokol verifiëring om te kyk of jy aan die verdrag voldoen en al daai tipe van goed.
- V** Was daar nog 'n tipe besef gewees van die geskiedenis, dat dit Noorweegse ys was waarop julle bou?
- A** Ja, al daai berge daar is almal Noorweegse name. Die berg hierso is Vesles Karvat wat 'klein, plat berg' is en al daai pieke in die omgewing, Lorensen piggen en...
- V** Robertskollen en Grunehogna en...
- A** Grunehogna, is alles Noorweegs. So hulle was al lankal daar verby en hulle het mos nou, almal het mos nou skematies sulke pastei opgesny.
- V** *Slices* van die *pie* gekry.
- A** En ons is nou in hulle pastei ingedeel, alhoewel hulle nog so nou en dan daar verby kom, maar dis nie of dit ooit gaan realiseer, een dag miskien as die verdrag nou weer op is vir hernuwing of *whatever*.

- V** Maar ieder geval tydens die bou van die basis was dit maar meestal net die name wat mens daaraan herinner het dat dit op 'n kol 'n Noorweegse ys was.
- A** Korrek.
- V** En die Noorweërs was net besonder geïnteresseerd in die *environmental issues* gewees.
- A** Ja. Hulle het so nou en dan 'n draai kom maak, omdat hulle ook saam met ons, jy weet ons het, die Agulhas het van hulle toerusting ook afgevat jy weet so hulle was baie kere nou weer op die skip, so dan het hulle gou 'n draai gemaak.
- V** Hierdie samewerking op 'n logistieke vlak met Duitsland en Noorweë of die *Nordic countries*, is dit iets wat eers regtig algemeen begin raak het met die bou van SANAE IV? Of was dit al in die vroeë 80's...
- A** Nee dit was al lank, het die ouens maar met mekaar gewerk.
- V** Mekaar saamgewerk op 'n logistieke vlak?
- A** Logistieke vlak.
- V** Al was dit nou nie op 'n beleidsvlak noodwendig gewees nie.
- A** Ja, ja.
- V** Okay.
- A** Ja die ouens het maar, daar in Antarktika, almal kyk maar na mekaar jy weet. Ek meen, toe Johan Hattingh, toe hy hierdie jaar daar was, het hy mos sy been gebreek en oopgeval. Toe het die Amerikaners ingevlieg, baie skemer, net so toe die somer begin en hom kom optel en daar hulle hom uitgevlieg het Nieu-Seeland toe. Jy weet en daar was geen rekenings met die ou nie. *So, it's like, you know*, en hulle het dit twee keer gedoen. 'n Ander keer het hulle nou weer 'n hartaanval, 'n Indiër 'n hartaanval gekry op sy skip en hulle is, hulle het om uitgevlieg SANAE toe en die dokter het vir hom daar stabiliseer, toe vlieg ons gou met ons helikopters Neumayer toe en daar het hulle hom, toe vlieg die Duitsers hom met hulle vliegtuig ander plek toe en toe vlieg iemand anders hom weer daar anderkant toe. Jy weet, almal help mekaar. Dis hoekom hulle baie skrikkerig is met die toerisme *issue*. As iemand daarso, hierso is 'n klomp ouens wat 'n gefokusde doel het, navorsing, logistiek ensovoorts, jy weet so jy help mekaar. Maar dan kom iemand anders hierso wat heeltemal nie betrokke is regtig by die, ek bedoel as die persoon seerkry dan om hulle nou te help jy weet is dit 'n redelik omwenteling om, ja, net baie duur.
- V** Ek wonder nou of Johan Hattingh 'n visum moes kry vir Nieu-Seeland?
- A** Dis 'n goeie vraag. Ons was al in die donker daar, maar ons het nie robbe gesien... Ons het lank gesit en loer daar.
- V** Wanneer was julle in die donker daar?
- A** Dit was... Altyd daai laat Maart.
- V** Laat Maart? Dan is daar al 'n redelike son wat sak?
- A** Ja hy is so vier uur weg, dan is dit pik donker, dis net sterre en goed, dis... Ek sal vir jou 'n foto wys.
- V** Pragtig. Ek wil net gou vinnig bietjie vorentoe spring. In terme daarvan om met SANAP te werk versus om met AV of BAS of... Wat die Norse Polar Instituut te werk, watse verskille is daar?
- A** Huidiglik en in die verlede sal ek sê is daar min verskille. Die Duitsers is uiteraard baie gereglementeerd, baie presies. Jy weet hulle doen baie moeite en hulle het die geld. Die Noorweegse lande het ook geld, jy weet, maar hulle doen dit op 'n baie kleiner skaal, die goed.
- V** So is die Duitsers op 'n redelike groot skaal tans betrokke?



- A** Hulle is. Hulle het 'n duur basis gebou, baie duur, ek dink dis 40 miljoen Euro's.
- V** Sjoe!
- A** Wat hulle basis gekos het. So hulle sit baie geld daarin, hulle wetenskaplike komitees en waar hulle ook oral gefinansier word. Maar ek dink hulle... Ja, nee ek wil nie nou regtig uitbrei oor dit nie.
- V** Okay, dis reg so.
- A** Wat ek wou sê is ek dink almal het sy eie tipe van manier hoe hulle werk, en ek dink hulle omvang is anders, jy weet. So ons doen goed op groot skaal. Ons het groot masjiene. Jy weet, ons beweeg 20/30 ton, ons, jy weet, dis groot logistieke. Noorweegse lande, die Skandinawiese lande, hulle span saam elke jaar.
- V** Almal, iemand anders se koste.
- A** So ek het dit geniet om met die Duitsers te werk en met SANAP nou het ek saamgewerk om die Duitse basis af te breek en dit was ook baie lekker om met SANAP te werk.
- V** Nou hoe het daardie organisasie gewerk om die Duitse basis af te breek? Het hulle vir SANAP gevra om te help en SANAP jou gevra, het julle jou gevra en jy werk saam met SANAP, of...
- A** Ja, kyk...
- V** Hoe werk dit saam?
- A** Al hierdie lande het 'n *Memorandum of Understanding* met mekaar. So hulle, in terme van samewerking, hetsy op wetenskaplike vlak of op logistieke vlak, en in daai MOU sê dat, jy weet, hulle sal help met sekere aspekte. Toe hierdie ding nou op kom was dit vir die Duitsers baie moeilik om, koste gewys, om iemand uit Europa te kry want nou moet jy alles af breek, jy moet dit terug bring hierdie kant toe. So die koste is fenomenaal. Toe sê hulle, maar in terme van die *Memorandum of Understanding*, kan ons nie, kan Suid-Afrika nie help om dit deur die SANAP program te doen nie? En omdat ek nou 'n baie langstaande verhouding met die Duitsers het, jy weet ek ken daai ouens al baie jare, toe het hulle gevra of ek sal belangstel om dit te doen. Toe sê ek ja nee ek sal dit doen, toe is dit onder die sambreel van die *Memorandum of Understanding* gedoen dat SANAP my aanstel om namens die Duitsers... so die SANAP het eintlik as 'n agent opgetree.
- V** Ja.
- A** Namens die Duitsers.
- V** Maar die Duitsers betaal.
- A** Maar die Duitsers betaal. Toe het ons vir hulle die kwotasie gedoen saam met Henry en ons het oorgegaan en met die ouens gesels en die program koördinerings gedoen. Ja, toe het ons 'n span bymekaar gekry daarvoor.
- V** Julle het die ou basis afgebreek en hiernatoe verskeep?
- A** Ja, al die ou *containers* uitgehaal, sulke staaldoppe, leeggemaak so gemaak, al die *containers* uit, enjins, alles en toe het ons hulle teruggebring Suid-Afrika toe, ons het vyftien van hulle gebruik om hierdie E-basis te bou. Ons het net kolomme en enjins en goed saam gebring om die ding te laat loop en toe die res het ons terug gebring en hierso ontslae van geraak.
- V** Ontslae van geraak? Wat beteken dit?
- A** Ag nee ons het, dit was, ons het van die goed verkoop. Ons het van die *containers* verkoop aan mense, ons he 'n paar weg gegee vir ouens wat, jy weet, vir 'n sokker klub wat 'n huisie wil hê, jy weet, 'n arm gemeenskap.
- V** Ja, ja, ek verstaan, ja.

- A** So van die goed is weggegee, ander goed het ons verkoop.
- V** Een van die mans koshuise by Stellenbosch het twee *containers* al waar mense bly so, omgeboude skeeps-*containers*.
- A** O oraait, nee maar jy sien.
- V** Die wetenskaplike toerusting op sig self, het julle daarmee gewerk en help installeer, of was dit...
- A** Die enigste een wat ek betrokke was, was by die installasie. Ek het die gate en goed geboor en die fondasies vir die radar in daai verbintenis. Ek en het toe later saam met Prof. Stoker het ek die, ons het daai nuwe, die riometer antenna het ons ontwikkel. Daai klein met die doppetjies en die kabel want elke jaar breek die aluminium af.
- V** Af, ja.
- A** Toe het ons daai ding, ek het hom ontwerp, daai spesifieke konsep en ons het dit geïnstalleer vir hulle ook, so dit was al. Maar die ander toerusting word ook geborg, of dit word deur die programme self bestel.
- V** En dan self deur hulle geïnstalleer en hulle koördineer maar net met jou weer as hulle iemand nodig het om 'n gat te boor of 'n sing te doen?
- A** Korrek, ja.
- V** Hoe was dit, het jy self ooit op die Outeniekwa gevaar?
- A** Ja.
- V** Hoe was dit gewees?
- A** [lag] Dit soos Pavlov se hondjies, jy weet. As daar 'n fluitjie is, dan moet jy nou weet dit is die kosfluitjie. Of dit is hierdie fluitjie of dit is daai fluitjie. Dit was 'n hele...
- V** Was dit maar soos om op 'n vlootskip te wees?
- A** Soos 'n vlootskip, ja. Jy het maar daar ingevaar, jy weet.
- V** As passasier? As *civilian*?
- A** Ja. Dit was bietjie moeilik.
- V** Heeltyd vir die fluitjies luister.
- A** Ja. [lag]
- V** Ja op die Agulhas is hulle 'n bietjie minder gereglementeer wat sulke goed aanbetref.
- A** Ja nee dis bietjie beter.
- V** Weet jy op watter stadium die weerburo onttrek het in daai tyd?
- A** Dit was na 2000.
- V** Was dit eers jare later?
- A** Ja dit was 'n entjie later gewees.
- V** Moes julle vir die weerburo 'n bo-lug kantoor of 'n ding gebou het nog?
- A** Wel, kyk hulle het 'n weerkantoor en alles daar gehad, jy weet so, en hulle... Nee ons het daai twee platforms wat uitkom, dis die ballonkamer wat nou 'n gym is, toe hulle uittrek...
- V** Toe's dit 'n gym?
- A** Ja soort van en nou lanseer hulle daar van die heli-eiland. Ek aanvaar ek moet maar vinnig daardeur hardloop.
- V** Ja.
- A** Dit was die konsep, heel aan die begin. Hy is toe nou daai stadium ingekleur en dis teenoor almal dan verkoop en ons gaan aan.
- V** Het julle aan die mense verduidelik dat die see nogals rof kan raak?

- A** Ons het ja, maar jy kon dit nie...
- V** Mense glo jou nie regtig nie?
- A** Nee jy besef dit nie tot jy op daai skip is nie, jis dis maar groot jong. Dan voel jy bietjie klein dan hol jy in en drink jy nog 'n dop. *Anyway*, dan kom jy by hierdie pakys in en dis waar die Agulhas altyd vassit. Veral as hierdie klomp plaatjies so baie dig opmekaar is, dan hou hy die skip vas en jy kan niks aan hom doen nie. Dan fluit jy nou maar saam totdat jy uitkom.
- V** Wie het hulle almal raad gevra, weet jy dalk, met die bou van die nuwe skip?
- A** O, man daar was, Kaptein Richardson is die ou wat die ding nou maar dryf, hy was 'n ou see visserye ou en, ag hulle het oorsee gaan reis en ja.
- V** Jy ontmoet die projekbestuurder daar, ek het maar net gewonder het hulle nie, al is dit nou nie direk jou veld nie ook vir jou gevra wat dink jy...
- A** O nee wat.
- V** Nie.
- A** So hierso, daai keer het ons nog baie keer op die baai-ys, het ons 'n ramp gestoot van oorkant die skip.
- V** Ek verstaan dis nie meer regtig so baie moontlik om op die baai-ys...
- A** Ja jy kan, maar die ouens is bang want hulle ken dit nie, jy weet. So, ek gaan miskien saam die einde van die jaar om die ys net met die aflaai te help. Te kyk na die ys. Daai tyd het ons geanker, die skip geanker sommer doer, ingeboor en toe, hulle laai jou op die baai-ys af. Een van die ysgrotte daar naby en dan het die skip nou maar afgedra, jy weet en op die sleë gelaai en die materiaal en die kratte en goed wat almal nommers en, jy weet kodes en goed gehad het, wat is binne-in. En *depots*, al die kos was in sulke oranje *containers* gepak en dis nou wanneer die baai ys opgebreek het, jy weet. Daar sien jy die afrit wat dan ge...
- V** Dis nou wat Bez Bezuidenhout so goed is om dit te skraap.
- A** Janee, hy is baie goed.
- V** Was jy daar gewees daai keer wat die stootskraaper in die see in geval het?
- A** Ek was daar, maar ek was op die... Waar was ek? Ek was nog nie op die skip nie. Ek het net gehoor.
- V** O, nie gesien gebeur nie.
- A** Nee, nee, gelukkig nie. Nee ek wil nie dit sien nie. Nee jy weet daar is dit nou af van die voertuie, trek die goed uit en die Caterpillars en dis die ou SANAE II gewees met die ventilasie, hy was toe nou al twintig meter onder die ys... Het die skraaper afge...
- V** SANAE III is nie afgebreek spesifiek nie?
- A** Nee, ons het, ons het, wat gebeur het, is hierdie goed het so ingedruk en die dakke het begin inkom, jy weet so ons moes pale - kan jy sien hoe buig hy daai paal daar - en hy het daai gebou begin stukkend druk so ons kon niks uit kry nie, so wat ons gedoen het is, ek het daai jaar gegaan om net te kyk dat ons ten minste aan die plotte kon voldoen, met die plastieke en die goed uitkom, en die res moes ons daar los. Maar jy sal nou sien hoe lyk hierdie ene teenoor die Duitsers wat nou al... Ek het daai plek gesien, maar jis die ding kan nog tien jaar hou. Dis die E-basis gewees wat ek gebou het, dit was in '83/'84 wat jy met hidroliese silinders op *jack* elke jaar. Dan sit jy net weer pype in. So hy het al die jare opge*jack*.
- V** Hoe hoog is, hy is mos nou afgebreek?
- A** Ja hy is weg, hy bestaan nie meer nie. So die ouens het altyd hiernatoe gekom, hier was twee akkommodasie-*units* met 'n radiokamer en daai was al die storte en die generators op die

- einde en daai was die kombuis en die *lounge*, daai blok daar.
- V** Is hulle verbind in die middel iewers met 'n gang?
- A** Nee, nee as jy daar gestort het en jou hare staan, hardloop jy en dan vries jou hare by die tyd wat jy by jou kamer uitkom. Dan het jy so lekker *perm*. Ja nee ons het 'n... Nou kan ek nie onthou hoekom... Ons wou dit net eenvoudig gehou het. Dit was nou maar *budget* goed "nee man, moenie *worry* nie man, die ouens kan sommer daar uitloop, *no problem*" maar dan was dit 'n hengse probleem as jy nou begin, as jy nou 'n nood het en jy wil by die toilet uitkom. Ons het... In elke van hierdie is daar nou wel 'n toilet, maar dit was die so suksesvol nie. Want daar sien jy, ons het nie spoelwater daar nie, ons het die water net daar en daar waar daar storte was en jy jou wasgoed kon was. So jy kon nie jou spoeltoilet nie, so jy het al jou ander goed wat hulle houtsaagsels bysit om dit op te droog en *reverse* en jy kyk nie af nie. [lag] So ons het daar dit gelos. *Anyway*, toe begin ons nou rondvlieg en ons, jy weet, soos jy vlieg sien jy al die krewasse en toe vlieg ons hierdie ene raak. Daar was 'n klomp van hulle, maar dis die enigste een wat jy eintlik agter hom van agter af kon opkom op die plato.
- V** So jy het nie nodig gehad om te vlieg nie? Sou met net 'n slee kon kom?
- A** Ja, dis reg ja. Jy weet en ons het daai materiaal, volumes en die goed. So ons kon alles hier sleep met die Caterpillars, hulle het 'n veilige roete gekry verby daai krewasse wat jy nou-nou gesien het, dat jy hier in kan kom. Dat jy van agter af, dan het hy so mooi, kan jy netjies op hierdie gaan. So dit was, daai was nou ongelukkig 'n latere prentjie, maar hier was hy nou skoon. Hier het hulle opgeroep en so aan, jy weet. Ag en van die voëltjies daar, jy weet die goed... Dis die probleem met Antarktika: die goed degradeer nie, dit bly daar. Dit geld vir sigaretstompies en goed en so jy moet, dis hoekom hulle redelik... En ja en hier's die probleem is dat jy op daai rotsvlakke, wat jy hierdie water wat ingaan wil vries.
- V** O in die groewe?
- A** Ja en in die krake van die rotse en dan breek hy hom oop so hy verbrokkel die hele boonste deel so jy kan nie op hom fundeer nie, jy weet. Die basis lê nou tans van hier af daar na Renson Piggin se kant toe en dis hoe hy was daar, toe kom ons agter maar ons kan nie met die Caterpillar nie, want hierdie Caterpillars het breë lemme daar onder vir die sneeu druk te verlaag. Maar jy kan nie soos die wat hier is met die nou *tracks* op hierdie klippe ry nie, jy gaan die *cracks* breek. Toe moes ons 'n plan maak, toe bou ons 'n yspad. Stoot ons sneeu oor, rol die klippe uit die pad uit en bou so paadjie op die...
- V** Is dit die pad wat hulle vandag nog na verwys as die *ice road*?
- A** Dis die *ice road* wat hulle nie nou onderhou nie, so hy word al dikker en dikker. Ag en toe in die aande bietjie uitsit en die meet van die instrumente en dis toe die konstruksie basis en jy kan, jy weet daar is 'n *clue* so...
- V** Van daar, hopelik.
- A** Ja. So daar is al die slaap *containers*, jy weet, en dan hierdie eerste een was die *generator*, krag opwekking en dan die storte, en dan die kombuis en dan hierdie was toe die *lounge*.
- V** Het julle kokke saamgevat?
- A** Dit was ontbyt, dit was teetyd met *pies*, dis middagete, dis weer teetyd, dis aandete en dan weer *snacks*.
- V** Maar mens hoor nou nog van die *pies*.
- A** 'n Ou moet, daar's altyd 'n skivvy van die dag gewees en die skivvy doen dan die water, maak water deur die dag, was hy wasgoed omdat hy nou water maak en dan, maar hy maak nou

water genoeg.

**V** Is dit nou een keer elke sestig dae?

**A** Ja. [lag] Eintlik was dit twee dae so, elke twee weke dalk drie weke, dan kry jy 'n kans.

**V** Alleen of so in twee-twee?

**A** Twee-twee, ja. So, dit was dit en dit was net daai laat Maart ding, dan is dit al donker en die maan is aan die gang, jy weet, so jy... Die ouens dou so dan skoon dan net voor ons werk, maak jou hopies skoon sodat ons, voor ons hom toe maak en waai.

**V** Moes hierdie konstruksiebasis weer afgebreek word?

**A** Ja.

**V** En is hy terug verskeep?

**A** Hy is terug ja. Die goed het daar na DOW toe gegaan en hulle het van die goed ontslae geraak. Ek weet nie waar hulle is nie. So jy weet dis maar hoe ons werk sou ek sê. Dit was die ysblad. Ons het hom van daar onder af gekry. Toe moes ons nou orals waar ons wil boor, orals waar ons wil kom, is daar nou 'n paadjie reg rondom so dan kan ons met alles hier kom. Dis snaaks, dis net, dis nou van die klip wat ons geboor het soos die wind waai van die kant af, waai hy daai...

**V** Fyn, grys...

**A** Poeier en dan lê dit daar maar dan val dit op die sneeu en dan smelt dit fisies dit alles weg, omdat dit donker is trek hy die hitte aan. Dis hoekom die sneeu daar weg is, op die klippe. Dis nou te ver om dit te sien. O dis die boor, ou *rig* wat ons daar gekry het van TPA daai tyd af en dan, dis vir die groot pale. En dis die matriks, jy weet dis stukke klippies en goed en jy kan nie hier, dis los. So as dit te warm word die dag, dan is dit nie meer fondasie nie, dit gaan weg, jy weet.

**V** Ek sien hulle werk met mukluks aan en dan nou maar kaalhemp?

**A** Ja, dit is die, dis wat ek gesê het, jy weet, op 'n mooi dag met geen wind nie en nul grade, jy vrek van die hitte, jy sweet, jy kan nie hierdie goed...

**V** Ja.

**A** Jy het veral as jy fisiese werk doen die heelyd dan kry jy nie koud nie. Maar laat daai windjie net op kom. So wat ons nou gedoen het, ons het twee meter diep gegrawe dan het ons hierdie pyp afgestoot tot onder toe.

**V** Is dit water daai?

**A** Dis, dis wat, ja, dis wat nou gesmelt het en weer begin vries en dan het ons hierso 'n anker afgeboor as 'n rolbal, maar hy is twee en 'n half meter lank. So dan, *torque* jy hom dan skop hy vas, dan gooi ons *bitumen* in dan seël hy hom. Sodat jy nou juis hierdie water kan aflei onder wat hom gaan afbreek en dan hom laat los maak dat die goed daar uittrek. So daai is nou 'n *cap* en daai *feed* trek nou hierdie *cap* vas op hierdie paal. So alles is nou vas gemaak en dan bo-op het ons dit nou, al hierdie goedjies het ons nou die hele raamwerk vasgebou. En dis hoe ons nou gewerk het, hier voor was die ouens wat die groot gate boor en sit die pype in. Nou het elkeen, ons moet mos nou 'n gelyke vlak kry. So jy, as jy klaar geboor het en jy sien hy is reg, dan meet jy hom nou en dan gaan sny jy die pype. Dan is daar nou 'n klein werkswinkeltjie en dan gaan sny jy die pype die regte lengte en sit hom in en dan is die *cap* opgesit want dan kom hierdie ouens en hulle boor by elkeen nou vier gate met die ankers in dan kom daar 'n hele span wat dit alles vas trek en dan kom die span daarna met die krane wat dan die geboue opsit.

- V** Is daar van hierdie ouens wat gesê het hulle gaan nie weer terugkom Antarktika toe nie?
- A** Ja, daar was party ouens wat een jaar gekom het en dan nooit weer in hulle lewe nie.
- V** En was daar van hulle wat jaar na jaar weer teruggekome het?
- A** Ja en toe begin jy bekleed, jy weet ons het hom juis omdat jy nie steierwerke kon bou nie, want dit gaan net weer, jy weet, die wind beïnvloed en dit gaan weer, dit gaan toe sneeu en sulke goed. Toe het ons hom so gebou dat jy die panele sak van binne af in.
- V** Ek verstaan.
- A** So daai sak in en dan het jy 'n loopvlak.
- V** En dan kan jy die volgende een bou.
- A** Ja, jy kan almal lae maak.
- V** So jy bou die *scaffolding* en die bouwerk is so half een ding?
- A** Dis reg ja, dit was die gedagte en dan bekleed jy van binne-af, alles word ingesak en van binne af uitgebou. Hierdie was daai eerste jaar, tweede jaar '93/'94 wat ons die eerste gebou klaargemaak het. Toe moes ons vir werk tot laat sodat ons net daar tot by 'n punt kon kom dat ons die gebou kan toemaak.
- V** Sodat dit nou nie in-sneeu nie.
- A** Net so. Willem van Leeuw, hy is toe oorlede, Mike Murphy en Balletjies, ek kan nie onthou wat sy naam is nie. [lag] Nou kan jy sien dis twee dubbel, jy weet dis vesel glas wat van buite-af kom en dan kom die vloer bo so dan maak hy die staal toe. So jy het twee wande.
- V** En dan is daar isolasie materiaal?
- A** Tussenin, met daai *think pink* en dis waar die ouens toe nou met neuse en jy weet die goed gaan in longe in en as hy nou afgewerk is. En so dan lyk hy nou so by die vensters, binnekant toe. Dan kom daar nou 'n *gypsum* op wat nou geverf word en afgerond word. Ja en dan begin die storms kom.
- V** Daai vensters, is dit van 'n spesiale glas gemaak?
- A** Dit is, dis 'n *armour plate* glas, maar dis drie, dis drie velle glas wat... Het lug binne dit so jy het goeie isolasie sodat jy nie hitte verloor nie. En dit is vrek koud as daai ding so opsy. Dit is wanneer jy begin...
- V** Geel word op jou neus.
- A** Ja en dan moet jy oppas en jou vingers, dan moet jy maar in kom. Maar dan is dit 'n lekker storm. So dis nou van die huisie af en daai kan jy sien die windkous.
- V** Konstruksie, ja.
- A** 120 km/h, so jy staan maar daar, uit die wind – die wind kom gewoonlik maar van die ooste af en dan moet jy goed soek, daar is die paaltjies, alles is gemerk. Dan kry jy hom daar na drie seisoene. Van daai goed was eers, dit was daar vroeg in die seisoen jy weet, vroeg in die konstruksieperiode af en nou haal jy hom uit.
- V** En kyk hoe diep is hy in.
- A** Ja, dit drie, vier meter en jy weet so daar was die opbreek plek en die depots was hier onder tot daar afbreek en...
- V** En daar's die konstruksiebasis, daai poort?
- A** Nee hierdie is die diesel *bunkers*.
- V** O, oraait ja.
- A** So jy pomp die diesel op soontoe en daar's die sneeu smelter, gooi sneeu in 'n groot bak en smelt dit, pomp dit op en dan in die rondings lê daar in hierdie kant *tanks* met al die water

voorraad en dan daarso is die riool uitlaat wat uit gooi en dis die satellietskottel. Daar binnekant is *lockers* waar jy *boots* kan insit, warm kamers. Dis die *generators*, drie van hulle wat dan nou hitte uitruil op die water, enjin water asook die *exhaust* en daarmee maak jy water warm, maak jy lug warm wat in kom. *Heaters* as daar nie genoeg hitte is, hierdie enjins nie. So die goed naderhand so effektief dat in die somer as dit -7 is dan moet jy hitte uitmaak, die deure oopmaak en uitpomp want daar hardloop net een enjin.

V

Jis.

A

Dis genoeg hitte om die hele plek warm te maak.

V

Goeie isolasie dan, insulasie, bedoel ek.

A

Ja.

V

Eetsaal?

A

Eetsaal, was jou eie skottelgoed, daar's die kombuis.

V

Ek wonder deur hoeveel vadoeke gaan hulle elke jaar?

A

Ja nogal.

V

Daar's in al die prentjies wat ons sien van die kombuis is daar altyd 'n vadoek en hy lyk altyd so bietjie *suspect* [lag].

A

Hulle is altyd *suspect* so ek gebruik hom nooit nie.

V

*Drip dry* hom.

A

Ja ag maar in die slaapkamers.

V

Dit lyk nie so klein nie.

A

Nee hierdie was lekker op die hoek daar. DOW het natuurlik 'n mooi ene gekies. En dis die badkamers en die storte.

V

DOW kry die beste slaapplek in enige basis.

A

Hulle *sort* hulle, hulle weet die *ins and outs*, as jy daar kom het hulle lank al uitgesnuffel.

V

*Good for them*. So jy sal waarskynlik in *squatters* tuisgaan?

A

Ja ek bly nou juis in – maar hulle het oorgetrek nou, né?

V

Het hulle al oorgetrek?

A

So daai huisie het, of Adriaan het nou die dag vir my 'n brief...

V

O het hulle al oorgetrek? Fantasties.

A

Ja hulle eet nou in die nuwe basis en hulle slaap meeste van die tyd daar.

V

Dan sal hulle dalk seker in die nuwe basis slaap. *Nice*. Ek moes in die kamp stoor slaap.

A

Nee maar ons gaan, ons... nee Adriaan het my, ek moet bietjie hoor hy het my nog in Seaview inge... so ek weet nie of hulle, hulle het nie genoeg beddens nie, vir die nuwe basis nie. So ek dink ek dink ons gaan nog steeds daar in die ou basis bly. *Anyway*.

V

Okay.

A

Ag dis maar die *favourite* plek, die kroeg. Dis die, van die *labs*, die *Aurora labs*.

V

Kyk daai rekenaar.

A

En dis die rioolsisteem wat ons gedoen het toe, ons was van die eerstes wat ons riool behandel het. Septiese tank, biologiese filters, haal die goggas uit. UV filter pomp dit uit. Ja, sien jy daarso, jy moet elke keer net gaan toets en as dit bietjie souterig is dan weet jy die proses werk nie so lekker nie.

V

Wat doen die ou ernstig?

A

Dis nou die *windscoop* en daar van onder af.

V

Was jy self ooit af by daai *windscoop*?

- A** Was ek daar af?
- V** Ja.
- A** Ja, o ja, met 'n matras. Jis jy gly lekker af. Mooi dae is dit lekker. Diesel *bunkers*, binne dit is 'n rubber tank, 100 000 liter, 600 000 liter se kapasiteit. Bring dit met hierdie tankers aan.
- V** Het hulle nou spesiale - ek sien daar staan *Polar Diesel* - is dit 'n spesiale soort diesel wat nie vries nie?
- A** Ja *Polar Diesel* het nie enige bymiddels nie, dis soos water. So jy, want as jy... gewone diesel het mos, hy lyk so geel.
- V** En hy word soos vaseline, het ek gehoor.
- A** Ja jy het baie inligting ja, dis wat gebeur. Ons het die eerste jaar, vat ons die generatortjie af, net so en toe ons daar uit kom, maak hom oop, toe is dit net hierdie *jelly*, wil hy *obviously* nie start nie. Toe het hulle nou nie die ding skoon gewas met *Polar Diesel* nie, so ek dink hy vries, hy vries of hy begin jelly raak hier by -70, daar rond so jy weet hy is okay. Kyk die koudste wat al by SANAE gemeet is, is -55.
- V** *Polar Diesel*, is dit nou baie duur? Waar maak hulle dit? Waarvoor of waar...
- A** Nee dis net 'n redelike suiwer diesel, dis amper soos jet A1 of *After*, jy weet dis amper 'n kerosen of 'n...
- V** So hulle hoef dit nie in te voer spesifiek nie, hulle vervaardig dit sommer hier in Suid-Afrika, prosesseer dit of wat jy ook al nou noem.
- A** Ja, hulle het 'n aanleg in Durban en in Kaapstad waar hulle die goed...
- V** Okay. So dan gee hulle seker ook diesel, Polar Diesel, aan sê nou maar die Duitsers en dan die Noorweërs?
- A** Ja baie van die ouens, ja, kom koop die goed hierso. Hulle het ook toe begin, jy weet, hulle ouens in vlieg. Dis goedkoper vir hulle om almal in te vlieg en dan kom die skip, dan tel hy hulle hier op, Kaapstad.
- V** Of dan vlieg hulle verder?
- A** Ja nou, Kaapstad toe. Van Kaapstad af tot by... Russiese basis Norvok.
- V** Het jy al af gevlieg Antarktika toe?
- A** Ja, een seisoen was dit lekker, maar toe ons so land toe sien ons die ysveld, dis net ys en dis 'n C130 en dis 'n ou van die *Philippines* die loods. En hulle praat so en daar is 'n, jy weet hulle sit so en daar's so vier ouens wat so opmekaar sit daar bo, "so how many times have you landed here?", "no, I've never landed on ice, but it's not a problem". Ons hol almal terug, maak ons vas daar en wag nou vir hierdie ding. [lag]
- V** "It's not a problem".
- A** "Not a problem".
- V** Hoe baie in die Filippyne kry mens met sneeu uit te waai?
- A** Ja.
- V** *Nevermind* ys.
- A** Jis en toe gaan dit toe heel oraait.
- V** Was dit van Kaapstad af of van waar?
- A** Kaapstad, ja.
- V** Kaapstad.
- A** *Anyway*, dis nou waar die water gemaak word, dis 'n groot gat met *heaters* en elemente. Die Caterpillar skep skoon sneeu daar in, smelt dit dan pomp hulle die op, die is geïsoleerde pyp



- en dan in daai rondings lê daar veertigduisend liter se kapasiteit om water te stoor. Daar is die...
- V** Ek hoor hulle praat van *smelly*.
- A** Dis hy. Dis Neethling.
- V** Is dit hierdie wat omgeval het?
- A** Dis wat omgeval het ja, sien dit was nog die ou ontwerp. Nou sien jy net daai draadjies, daai kables. Nou dis die een wat omgeval het wat hulle nou vervang het. Maar hulle het hom nooit onderhou nie, want hulle het een jaar ontvang, toe ontwerp ons hierdie. Maar wat toe gebeur het is dat hierdie kables het begin skuur en dis nooit onderhou of vervang nie en toe trek een van die ankers uit en toe val die een op die ander een.
- V** O ja.
- A** Val die hele ding uitmekaar uit, ja. Gaan dan is daar so paar mooi goed wat dit vir jou gaan en dan natuurlik die braai. Jy moet vinnig eet, so as jy hom van die braai af vat moet jy hom...
- V** Kou. En die bier? Hou julle die bier naby die braai?
- A** Ja hierdie is, hierdie is 'n amptelike foto. Die bier is om die hoek.
- V** Ek het gewonder waar's die bier, want al die ander foto's het bier op die braai.
- A** Ag hierso gaan hulle af in die gat daai een, dis daar naby SANAE, dis die een krewas. Ja en dis 'n -25 start van 'n Cat en die die Aurora as jy 'n jaar daar spandeer. So dis vinnig net die vinnige paar blikke van die proses. Ek weet nie of dit genoeg is nie?
- V** Nee dis baie goed. Okay, en toe die Marion basis, hoe het julle daarby betrokke geraak?
- A** Weereens was dit maar omdat ek, my ondervinding met al hierdie goeters. Toe stel hulle my aan as die projekbestuurder vir die professionele span asook die struktureingieur.
- V** Het hulle jou aangestel of die *company*, hierdie *company*?
- A** Die *company*.
- V** Die *company*.
- A** Dit was eers daai ander *company*, Endocon wat ek by betrokke was.
- V** Wanneer is Outside gestig as 'n *company*?
- A** Dis so vyf jaar terug, ja ek het so oor drie of vier jaar het ek opgehou met Endocon. Dit het te groot geraak en ek het maar meer gespesialiseer in projekbestuur en toe het ek, maar toe was Marion al reeds verklaar. So ek het hom onder die naam van Endocon gedoen. Maar dit was weer 'n aanstelling van...
- V** Omgewingsake?
- A** Ja en omdat ek, jy weet, die kennis gehad het van daai diepte van goed.
- V** So wie het jou aangestel, Omgewingsake of DOW?
- A** Nee DOW. Omgewingsake het weer gekom en gesê ons wil 'n basis op Marion hê, die ding waai weg, ons soek 'n nuwe ontwerp.
- V** Die ding waai weg?
- A** Ja van daai goed het van die dak van ou Marion basis weg gewaai.
- V** Ja, ek onthou daai jaar.
- A** Okay toe, ja toe moet hulle eers vir my aanstel dat ek die projek bestuurder en toe stel, toe het Omgewingsake weer met 'n behoefte stelling gekom, aangestel, ek het die behoeftes bymekaar gekry, al die behoeftes van die wetenskaplikes, die hele proses weer deur begin. En toe stel hulle die ander lede van professionele span aan.
- V** Op watter stadium is Helga aangestel? As argitek?

- A** As argitek. Sy was die argitek saam met die firma Ixixi. Sy het vir hulle gewerk op daai stadium, maar sy was die hoofargitek wat die hele ontwerp gedoen het saam met die so aan in daai verband. Ag en dan was daar meganiese ingenieurs, orals elektriese ingenieurs, almal daai ouens wat ek nie geken het nie. Want dit was 'n *roster* sisteem toe praat ons nou al van...
- V** "Tenders" en goed.
- A** Ja, jy weet dit was, watter jaar was dit? Begin 2001? Jy weet, en toe is dit nuwe regeringstelsels oor hoe jy aangestel word jy weet so daar was 'n hele proses.
- V** Was daar toe al reeds goedkeuring van die kabinet, of was dit dieselfde as met SANAE toe julle eers moes die voorstel maak en...
- A** Nee wat, omdat die stelsel toe verander het, Omgewingsake moes eers gaan geld kry, het vir die basis. So ons het die basiese goed weer gedoen, die voorstellings, kostes en toe het ons die hele proses weer voorgelê en dis toe kabinet toe en hulle het toe gesê *yes, okay*, gaan aan.
- V** Toe is julle maar dieselfde tipe ding?
- A** Dieselfde proses, ons gaan nou weer met die hele ontwerp en... Maar dis nou ander omstandighede. Dis nou nat, dis nie so koud nie, jy het moeras so jy moet pale in slaan om by die goed uit te kom om die fundering reg te kry. Dis nie nou soos in rots boor en sulke tipe van goed. So dis 'n hele ander belange, daar is goed wat roes, jy weet, sulke tipe van goed wat jy nou moes aandag aan gee.
- V** Ja, want Antarktika is te droog vir enigiets om te roes.
- A** Ja
- V** Ek het die... Ek sal seker hierdie vra meer vir Helga moet vra, maar ek verstaan die basis is so helder oranje vir sigbaarheid?
- A** Dit het 'n lang pad gekom hoor, ons het daai, ons was saam in Durban om met die ouens te gaan praat om te kyk of hulle vir ons die kleur kan meng. Want ek weet van pigment wat ingegiet word. Toe was die gedagte van haar kant af, daar's ligene wat op die klippe daar groei wat so mooi oranje kleur het en die geel van die grasse wat daar is en so aan en toe het sy nou gekyk of sy die kleur van daai liguren kan namaak. Dis eintlik waar dit eintlik vandaan kom.
- V** So is dit eintlik maar die liguren?
- A** Want Adriaan-hulle het gesê hulle het nie regtig 'n voorkeur vir kleur nie, dit moet iets wees wat neutraal is, geen politieke, jy weet, stellings maak nie. Dit moet 'n funksionele, iets wat in pas daar.
- V** Adriaan-hulle? Hoekom Adriaan-hulle?
- A** Wel Adriaan was betrokke by, van dag een af.
- V** As voorsitter of...
- A** Wel hy was Omgewingsake se...
- V** Projekbestuurder?
- A** Ja, verteenwoordiger en hy het weer die logistiek ook hanteer soos wat ek nou al teen daai tyd gedoen het, saam met my. Ja hy was deurgaans die kliënt se spreekbuis.
- V** O so, okay, dit moet eintlik lyk soos *lichen*. Ek het daai oranje *lichen* gesien, dit is nogal 'n helderoranje.
- A** Ja dit is nogal, jy kry dit net daar.
- V** En daai konsultasie proses met die wetenskaplike, was dit anders gewees as SANAE?
- A** Bietjie anders, ons het, ons het nog steeds vraelyste uitgestuur, dit was Steven Chown en hy het dan nou sy reeks vergaderings gehad, terug gevoer na Adriaan. So dit was maar min of

- meer dieselfde.
- V** Dieselfde.
- A** Ons het net nie so, ons het later direk toegang gehad tot hulle nie.
- V** Direkte toegang later eers met die wetenskaplikes?
- A** Met die, ja direk jy weet, want toe raak dit moeilik om derdehands elke keer toe hoor wat is presies nou die behoefte. So ons het toe tekeninge opgestel, met hulle gaan sit en gesê okay is dit wat jy wou gehad het en dan het hulle gesê nee hulle soek dit en dit en jy weet...
- V** Is dit anders om met bioloë te werk? Want in Antarktika is daar nie regtig biologie nie eintlik. Ek sou skat biologie vereis ander tipe laboratoriums.
- A** Korrek ja. Ja groter laboratoriums, meer water - want daar is water. Intensiewe tipe van prosesse, jy weet meer stabiele goed vir die klein mikroskopiese werk. Dis 'n hele ander tipe van navorsing jy weet so, groter plek, groter toerusting.
- V** Ja dis my volgende vraag, hoekom is die basis so groot?
- A** Dit was eintlik... Hy was nog groter. Ons het alles saamgevat en bymekaargesit en toe begin dit hierdie monster raak. Want saam met die wetenskaplike behoeftes het jy ook die logistieke behoeftes. Jy weet, hulle wil ook tagtig slaap. Hulle wil partykeer, jy weet, vir *VIPs* wou hulle *en suite* kamers gehad het jy weet, groter ruimtes.
- V** Watter *VIPs* het tyd om vir twee weke af te gaan met 'n skip?
- A** *I don't know.* [lag] Ag so van tyd tot tyd, Senator Grové was daar. Maar toe was dit nog die ou basis. So jy weet ons het probeer en alles is rolstoelvriendelik, kan 'n ou af en in daar, hy kan... Dit het eintlik van hom af gekom as 'n behoefte. Dat hy rolstoelvriendelik moet wees.
- V** En vir watter doeleindes is daar 'n sauna en 'n jacuzzi en... wie het gevra daarvoor?
- A** Ja dit was 'n behoefte van die kliënt af. Die ding is ek meen, jy weet as jy kyk daar, wat is die tydverdryf daar? Jy het video's, jy kan gaan stap, baie van die ouens is natuurouens en hulle gaan stap. *And that's it.*
- V** Ek verstaan SANAE het ook 'n sauna?
- A** Hy het 'n sauna, ja.
- V** Maar nie 'n jacuzzi nie, want water is bietjie meer van 'n *issue*?
- A** Dis 'n *issue* ja, dis reg ja.
- V** Okay, nee dis reg.
- A** In die daai tyd was dit nogal 'n groot storie, maar ons het dit net half ingewerk en ons kon dit nie skryf nie want as 'n regeringsdepartement, bou jy nie sulke goed nie. Maar jy weet, later het die sisteem verander.
- V** Ja die regeringsdepartement is toe nou nie meer so *upset* oor 'n jacuzzi nie.
- A** Ja nee, want ek meen hulle besef mense, dit help nie jy... soos SANAE III het hulle die kamertjies so klein gemaak, jy moet buitekant toe gaan om om te draai om weer uit te kom. Dit was so klein en die argument was daar, is dat jy moet nie jou tyd daar spandeer nie, jy moet sosialiseer. Dit het nie gewerk nie. Die ou gaan na 'n ander ruimte toe doer in die agterkant van die *generator*-kamer en dan gaan hy daar sit en *sulk*. Hy gaan nie sosialiseer as hy nie wil nie. Toe die denkwysse begin verander.
- V** Verander, ja, En hoe natuurbewus moes julle wees met Marion?
- A** Kyk daar was ook 'n groot EIA gedoen. Baie meer sensitiewe materiale, sade, jy weet so ons moes baie meer attent wees op muise, rotte en goed wat vasgevang word is die kratte wat oor gaan, jy weet en die verpakking baie meer krities. Ons moes so klein as moontlik, jy weet, area

- waar ons die goed op die moeras ook gepak het jy weet. So ons het baie versigtig gewerk.
- V** En wie het dit dopgehou?
- A** Daar was elke jaar 'n omgewingsoffisier.
- V** En het julle toe net van die Agulhas gebruik gemaak? Kon die spanne langer bly? Die konstruksiespanne?
- A** Ja hulle het. Op die einde van die dag toe, ja hulle het partykeer van November tot Maart het, ek dink daar een keer gebeur wat die spanne sommer net gebly het daar. Jy weet want dis so magdom werk om klaar te maak.
- V** Is die werksomstandighede baie anders?
- A** Ja die ding is dit, die wind waai baie, so jou - en dit reën baie. So jy kan nie altyd lekker, jy kan nie buite werk so maklik nie. SANAE was dit, jy kon ook... dit was droog, jy weet, die goed is nie nat en roes nie jy weet. Om nat te wees en koud te wees, is 'n bietjie anders as om droog te wees en koud te wees. So jou omstandighede is anders. Die wind wat waai en jy sukkel om buite te werk. Dit reën. Jy kan nie sien nie. So dis 'n redelike ander proses.
- V** Het die feit dat die konstruksiewerkers saam die mense moet bly wat in die basis is, die spanlede, het dit 'n impak gehad op die bouproses?
- A** Man ek dink, ek dink dit het meer die spanne, jy weet, want dis 'n span saam jy weet en dit het hulle redelik ontwig. Jy het nou hierdie klomp ouens met ander behoeftes en werksure en so. Ek dink dit was bietjie swaar vir daai spanne wat 'n jaar daar skielik ontwig moes word.
- V** Maar dit was nie vir die konstruksie werkers regtig moeiliker gewees nie?
- A** Nee wat nie regtig nie, nee wat.
- V** Die grootste verskil was maar tussen die twee, die omgewings en hoe baie spasie het julle binne *budget* gehad?
- A** Hoe bedoel jy nou?
- V** Spasie in die *budget*, bedoelende klink vir my die SANAE *budget* was redelik maklik gewees om groter te maak. Marion was julle meer of minder *restricted* in terme van wat julle moes uitrig?
- A** Ja, dit was altyd... Dit was altyd onder 'n vergrootglas, jy weet. Jy kon nie net... Ek het agtergekom as jy regverdig wat jy gedoen het daar. Maar waar die ontwigting gekom het, was die tyd toe die helikopters onttrek is van die lugmag en hulle moes privaathelikopters en die skip was toe oorgegaan na Schmidt Marine toe wat toe hierdie bedryf van die skip ook oorgeneem het.
- V** So dis geprivatiseer en *ge-ousource*.
- A** Ja en geweldig, dit was nie 'n begroting in die koste nie.
- V** Hoekom is hierdie besluite gemaak dan?
- A** Dit was politieke besluite in terme van die weermag. Die weermag het gesê ons is nie hierso om goeters te bou nie. Ons doen nie ondersteuning vir jy weet, *civvy* werk nie. Dis nie ons redenering nie.
- V** So het die weermag onttrek? Dit was nie SANAP wat nou besluit het hulle wil nie meer die weermag hê nie?
- A** Nee. Hulle het gesê hulle kan dit nie doen nie en die helikopters is onttrek en toe moes hulle uitgaan op tender en die skip was eintlik maar 'n natuurlike proses want dit was altyd onder Omgewingsake se beheer. Hulle het die bemanning gedoen en hulle was net nie gerat vir sulke goed nie. Toe het hulle gesê dit gaan vir hulle meer koste-effektief wees, sit dit... Ouens wat dit elke dag doen. Hulle sorg vir bemanning en daai tipe van goed. Kyk, dit was 'n goeie besluit.

- V** Okay. Wat 'n moeiliker besluit was, was dit die helikopters wat die impak gehad het?
- A** Ja dis baie groot geld gewees, ja.
- V** So die privaatmense het baie meer gevra?
- A** O ja.
- V** Het die weermag gewoonlik, is hulle tot op daai stadium net betaal vir oortyd en die weermag het selfs die petrol, ag die...
- A** Die omgewingsake het die *Jet-A1* voorsien en die onderdele van die helikopters. Die lugmag het die personeel gegee of afgedeel of iets en dan betaal hulle die oortyd.
- V** Toe moes die begroting skielik radikaal aangepas word? En het dit bietjie gesloer?
- A** Dit het bietjie gesloer ja. Gesukkel want jy weet toe is dit al bietjie laat in die jaar om nog geld te kry.
- V** En het dit ook 'n impak gehad op die fisiese bou van die basis? Want goed verwaarloos raak intussen en dit ook gedoen moet word?
- A** Ja. Verseker ja. Veral nou met die basis wat nou stilgestaan het vir 'n jaar en 'n half. Niks gedoen nie. So toe ek nou daar was in Augustus, was dit gesien baie van die goed het eintlik verniel.
- V** Hoe gereeld moes jy saam gaan Marion toe?
- A** Marion het ek... Ek kon nie... Daai stadium was ek te besig. Ek het toe nou iemand van die kantoor gestuur wat meeste van die tyd daar was. Ek het twee... Ek het agt keer soontoe waarvan ek nou twee lang seisoene gedoen het of jy weet 'n maand, maand en 'n half seisoene.
- V** Dis Marion, o dis Antarktika?
- A** Dis 'n SANAE-ding ja, dis wat die ouens vir my gemaak het daar op SANAE.
- V** En die nuwe basis gaan wanneer geopen word?
- A** Maart 2011.
- V** En weet julle al wie die *VIPs* is wat gaan?
- A** Ek, nee ek dink hulle wil die Minister vat. Maar ek dink die Minister sal wees, van Omgewingsake.
- V** Gaan gou terug na die opening van SANAE. Toe was daar 'n hele skip gestuur met joernaliste. Was die *VIPs* op die skip of is hulle ingevlieg of...
- A** Nee hulle het, kyk hulle het ons kom aflaai, teruggegaan, die mense kom haal, teruggekome, hulle het die opening gedoen en toe was hulle sommer op die *buoy*, jy weet waar hulle die *buoy* afgooi, weer *buoy* afgooi. Daai *trip* terug almal teruggevat en toe teruggekome om ons te kom haal.
- V** Sjoe so die Agulhas het gevaar.
- A** Hy het gevaar.
- V** Hoe was die opening gewees?
- A** Ja dit was, dit was baie goed. Ek dink dit was... Op daai stadium het die, al die sisteme nog nie gewerk nie so die kamers was nog koud en ons het *heaters* aangesit en die ouens het nog net op die beddens in soos ons dit nog so gesit het, sonder lakens en goed. Maar almal het dit, jy weet, dit regtig... Dit was ek meen '97 jy weet, het die... was daar 'n eerste bewuswording regtig van Antarktika. Toe baie van die swart en die bestuurskomitees wat geld goedgekeur het, was daarmee betrokke. En hulle was vir die eerste keer wat hulle daar was jy weet en party het dit bietjie onaangenaam ervaar, anders was dit regtig baie lekker om hulle daar te

- hê.
- V** Wat het hulle onaangenaam ervaar?
- A** Ek dink, die vaart, jy weet, die skeepvaart. Die Agulhas, soos jy weet, is nou nie van die...
- V** Dis nie 'n hotelskip nie. So ek kan dink die skeepvaart van die Agulhas... ek bedoel dis bietjie bedompig.
- A** Ja, jy weet en dis nou meer senior mense gewees.
- V** En die kamers se gordyne kom van die 1970's af.
- A** Ja en dit ruik ook nie partykeer so lekker, die skip, as die riool nou nie lekker werk nie, jy weet. So ek dink omdat dit ook die eerste keer vir van hulle was wat op so groot skip in hierdie see – en hulle het rowwe see gehad. Daai goed het... daar was baie storms gewees.
- V** So dit was nie 'n goeie vaart gewees of 'n maklike vaart gewees nie?
- A** Ja, die ouens daarna het toe baie goed gesê, die ou van DOW het die sleutel oorhandig jy weet en dit was 'n lekker, regtig 'n lekker. Hulle het moeite gedoen, 'n chef gebring. Hulle het kos gebring. Jy weet dit was 'n regtige *nice*. Jy kon amper nie glo so 'n uithanggeleentheid doer in die middel van nêrens nie.
- V** En Minister Valli Moosa, ek hoor hy het nogal...
- A** Hy was nie daar met die opening nie.
- V** Was hy nie daar nie? Wanneer was hy daar gewees?
- A** Hy was op 'n latere vaart was hy af gewees, vinnig. Ek kan nie onthou watter jaar nie hoor. 'n Hele paar jaar later.
- V** Was jy saam toe gewees of nie?
- A** Nee.
- V** Nie. Okay, so met daai opening... Ja dit was maar net 'n formele geleentheid gewees. Was daar internasionale verteenwoordigers?
- A** Ja daar was van die... die Noorweërs was daar en wie was nog daar? Daar was 'n Sweed en die Duitsers was ook daar.
- V** Duitsers. Was jy ooit op Gough gewees? Ek verstaan hulle basis is besig om woes agteruit te gaan.
- A** Dis tyd vir 'n nuwe een.
- V** Ek wonder wie die mees ervare persoon in die land is daarvoor. [lag] Baie dankie.